


ONS



BLAAI DEUR DIE BYBEL

Herman Scholtemeijer

TB
220.6
SCH

Ons blaai deur die Bybel



Deur

HERMAN SCHOLTEMEIJER

Inhoud

Voorwoord	6
HOOFTSTUK 1	7
Die groot verskeidenheid.....	7
Die waaroms	7
Indeling van die Bybel.....	7
Die Ou Testament.....	8
HOOFTSTUK 2	11
Die geskiedkundige boeke van die Ou Testament.....	11
Waarom is hulle in die Skrif opgeneem?	11
Moses.....	11
Abraham: eis en belofte	12
Abraham op die sondige weg	12
Isak, kind van die belofte	13
Die kerk deur die eeue.....	13
HOOFTSTUK 3	14
Die Psalms in die Skrif.....	14
Die boek van die Psalms 'n ware skatboek	14
Subjektiewe en objektiewe psalms	15
Die wese van die psalms	15
Die Woord van God in die wêreldbestuur	17
Psalms as antwoord op die wet van God	17
Die bedevaartslidere	19
HOOFTSTUK 4	21
Die wysheidsprobleem	21
'n Sug en drang na wysheid deur die eeue	21
God het met alles 'n doel	21
Geen wisselende spel van geluk en ongeluk	22
'n Goddelike "moet" in alles wat gebeur	24
Die mens wik maar God beskik	24
HOOFTSTUK 5	25
Die groot raaisel.....	25
Job	25
Die wysheid 'n gevaarlike ding.....	25
Die probleem van die Prediker	26
Besonder skerpsinnige waarneming.....	26
Die vroeë klink ook op in die Psalms.....	27
HOOFTSTUK 6	29
Die wêreldpolitiek van God.....	29
Die geskifte vandag weer aktueel.....	29
Die ryksgedagte tref ons	29
Waarvandaan kom die wêreldryk-ideaal?.....	30
Assirië tree op	30
Die opkoms van Babel.....	30
Die dreuning van die Griekse en Romeinse ryke klink op	31
HOOFTSTUK 7	32
Op die rand van die vulkaan	32
Israel nader sy ondergang met rasse skrede	32
Die optrede van Jesaja; hy voorspel die vrederyk van die Messias	32
Jesaja oor die Heiligheid van God	33
Ander profete tree op	34
Jeremia 'n kragfiguur	34
Daniël	35

Die Openbaring van Johannes	35
'n Boek van 'n geheel ander orde	36
HOOFTUK 8.....	37
Die hart van die Heilige Skrif	37
Die vervulling van die belofte	37
Jesus se lewe, stappie vir stappie	37
Wantoestande in Israel	38
Die Jode in Jesus teleurgestel	38
In die lewe van Jesus gebeur niks toevallig nie.....	39
HOOFTUK 9.....	40
Die boeke van die Evangeliste	40
Matteus, die brugbouer tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament	40
Die bergrede en ander uitsprake oor die koninkryk van die hemel	40
Markus en die magsdade van Jesus	41
Jesus van Nasaret 'n magtige held.....	41
Die Evangelie van Johannes	41
Die kruis het 'n huiweringwekkende betekenis	42
Die boeke van Lukas	42
Die Handeling van die Apostels	42
Die eerste Christelike kerk.....	43
HOOFTUK 10.....	45
Die groot wêreldplan van God	45
Die 21 briewe deur verskeie persone geskryf	45
Sommige van die belangrikste sake in die briewe.....	45
Wat dwaas is by God, is wyser as die mense	46
Die plek van Israel in die wêreldgeskiedenis	46
Christus die herskepper van 'n nuwe wêreld	46
Die vraag oor die Christelike vryheid.....	47
Vryheid is gebondenheid aan die wil van God	47
Die tempeldiens in 'n ander lig geplaas	47
Die "lewende hoop" as enigste middelpunt	47
God is liefde	48
Literatuur	49

Opmerking

Hoewel die deputate van die Calvyn-Jubileumboekefonds (C.J.B.F.) hierdie werk gekeur het, bly die menings hierin uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, die van die skrywer en moet dit in geen geval beskou word as 'n weergawe van die C.J.B.F.-deputate van die Nasionale Sinode van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika nie.

Voorwoord

Wat nou hier aangebied word, is 'n verwerkte, uitgebreide herdruk van 'n brosjure wat ek in 1953 opgestel en self in 'n beperkte oplaag uitgegee het. Met die verskyning van die Nuwe Vertaling van die Bybel het die gedagte by my opgekom om dit opnuut, verwerk en uitgebrei, met aanhalings uit die Nuwe Vertaling, die lig te laat sien. Ek het die saak met 'n paar predikante bespreek en hulle het gevoel dat dit goed sal wees as 'n heruitgawe uitgegee kan word, en dus word dit nou as 'n nuwe publikasie aangebied.

Met hierdie werkie is gepoog om aan die leser 'n algemene sistematiese oorsig te gee oor die inhoud van die Bybel.

Ek vertrou dat ek hiermee daarin geslaag het om die Bybel vir u nie alleen as 'n organiese geheel te skets nie, maar dat u dit ook sal sien en waardeer as 'n afgeronde kunswerk en dat dit mag help om meer liefde vir die Bybel, as die Woord van God, te wek en dat dit verder mag dien tot verryking van die geloof in Jesus Christus, ons Here en Saligmaker.

HERMAN SCHOLTEMEIJER

KROONSTAD April 1987

HOOFSTUK 1

Die groot verskeidenheid

Die Bybel is 'n uiters merkwaardige boek. Dit is 'n boek van God aan die mens. Iemand wat vir die eerste maal 'n Bybel ter hand neem en deurblaai, sal maklik die indruk kry dat dit 'n versameling geskrifte van groot verskeidenheid is, wat onderling niks met mekaar gemeen het nie. Mens kan dit goed begryp, want die Bybel is nie 'n boek wat mens sommer aan iedereen kan gee met die gedagte dat hy sy weg daarin sal vind nie. Nee, iemand wat nie weet hoe om die Bybel te hanteer nie, sal alle belangstelling daarvoor verloor en sal byvoorbeeld waarskynlik hopeloos verdwaal raak in die uitvoerige beskrywing van die erediens soos dit in Eksodus en Levitikus gegee word; hy sal hom erg aan die felheid van die stryd wat die Israeliete teen die inwoners van Kanaan gevoer het; hy sal daarin so verward raak dat hy nie die stem van God sal kan beluister nie. Ja, moedeloos en teleurgestel sal hy waarskynlik die boek neergooi sonder dat hy iets daarvan verstaan en geniet het. So baie mense het dit al gedoen en so baie doen dit vandag nog! As die boek van die grootste troos en bemoediging, as die boek van die lewe so 'n verwarrende hoeveelheid gegewens moet bevat wat 'n mens moet ontfang vir hy by die goue draad kom, kan hy dit maar net so goed nalaat, want die goue draad sal hy tog nie vind nie, sê die persoon wat nie met die Bybel in die hand opgegroeï het nie. Dan kom hy met al sy "waaroms" wat hom nog meer in die war bring.

Die waaroms

Waarom, so vra hy dan, het God dit verkies om sy openbaring aan die wêreld in so 'n besondere vorm te gee, as die kerninhoud van die Bybel, en alles waar dit eintlik op neerkom, tog oënskynlik wel in 'n paar woorde weergegee kan word, naamlik dat alleen hulle wat in Jesus Christus glo as die enigste Verlosser van sonde en die waaragtige Saligmaker, die ewige lewe kan beërwe. As dit die sentrale gedagte van die Bybel is, waarom moet ons dan so 'n oorstelpende hoeveelheid van besonderhede hê? Waarom al die tallose verhale van mense wat soveel eeue gelede geleef het, met al die besonderhede van hulle doen en late, hul struikelinge, moeilikhede en suksesse? Waarom die uitvoerige beskrywing van die Oud-Israelitiese erediens wat vandag nie meer in so 'n vorm bestaan nie? Waarom al die oordeelsprofesieë teen nasies en volke wat soveel eeue gelede al van die aarde verdwyn het? Waarom al die duisternis van gegewens as die hoofgedagte van die Skrif, nl. wat vir ons nodig is om getroos te kan lewe en salig te sterwe in 'n klein boekie, soos die Kategismus of Kort Begrip beskikbaar gestel kon gewees het? Waarom kry ons die Goddelike openbaring geklee in 'n gestalte wat so verbysterend veelvormig en so moeilik verstaanbaar is?

Al hierdie waaroms is makliker gestel as beantwoord. In 'n poging om die antwoord te vind, sal ons eers op die groot verskeidenheid van die Bybel moet ingaan en vasstel wat ons alles in die Bybel aangebied word. In hierdie werkie wil ons hierdie taak onderneem; maar hoewel ons nie van plan is om al die Bybelboeke een vir een te behandel nie, sal ons ons tog rekenskap moet gee van die vraag hoe al die Bybelboeke saam aaneensluit tot 'n afgeronde geheel, en hoe hulle deur die eeue heen hulle waarde behou het en dit vir ons vandag nog behou. In die eerste plek dan, wil ons 'n paar algemene opmerkings oor die samestelling van die Bybel ten beste gee.

Indeling van die Bybel

Die Bybel word ingedeel in twee groot dele, die Ou Testament en die Nuwe Testament. Die O.T. is geskrywe voor die koms van Christus op die aarde; die N.T. ná sy koms. In altwee dele gaan dit om die ontmoeting van God met die mens. Die geheim van hierdie ontmoeting lê in die kruis, en daarom sê ons dat altwee dele die kruis as hul middelpunt het. In die O.T. word die kruis weliswaar nie duidelik en openlik genoem nie, maar dit word tog daar afgeteken, al is dit dan nog vaag en nie sterk omlynd nie. In die N.T. egter is die kruis vir ons in al sy duidelikheid en klaarheid geteken.

Die Ou Testament

Die O.T. bestaan uit 'n reeks groepe van boeke wat almal op verskillende tye oor 'n tydspan van ongeveer duisend jaar ontstaan het en versamel is. Hoewel dit moeilik is om te sê presies wanneer die samestelling van die O.T. afgesluit is, word dit vrywel as gesaghebbend aanvaar dat die hele O.T., dit is die boeke vanaf Genesis tot Maleagi, finaal tussen die jare 336 en 290 v.C. afgerond is.

Tussen Maleagi en die Openbaring van Johannes, die laaste van ons Bybelboeke, het ook weer eeue verloop. Wanneer hierdie laaste boek geskryf is, kan nie met sekerheid vasgestel word nie; maar algemeen word dit tussen die jare 95 tot 100 n.C. gestel.

Die N.T. soos ons dit vandag het, is egter eers omstreeks 400 n.C. as 'n afgeslote geheel vasgestel en aanvaar. Samevattend kan ons dus sê dat die versameling van die Bybelboeke oor byna 1400 jaar gestrek het. En tog, nieteenstaande soveel eeue tussen die ontstaan van die eerste en die laaste Bybelboek verloop het, is die Bybel één boek, met één boodskap en bring dit één getuigenis aangaande God en die mens.

Verskillende groepe van boeke

As ons die Ou Testament noukeurig naslaan, sal ons merk dat dit in verskillende groepe van boeke ingedeel kan word. In die eerste groep kry ons sewentien boeke wat die geskiedenis verhaal en gevolglik die geskiedkundige boeke genoem word. Hieronder kry ons die Pentateug, d.i. die vyf boeke vanaf Genesis tot Deuteronomium, wat 'n duidelik aaneengeslote geheel vorm, en die twaalf vanaf Josua tot by Ester.

Onder die tweede groep val die vyf digterlike of poëtiese boeke, nl. Job tot en met Hooglied. Die derde groep is die sewentien profetiese boeke, van Jesaja tot by Maleagi. Die profetiese boeke word gewoonlik onderverdeel in die vyf boeke van die groot profete, t.w. Jesaja tot by Daniël, en die boeke van die klein profete, wat die twaalf van Hosea tot Maleagi insluit. Al hierdie boeke behandel feitlik één deurlopende geskiedenis en wel die geskiedenis van die volk Israel. Dit is kerkgeskiedenis wat verhaal van die stryd en bewaring van die kerk in 'n tydperk toe dit die Saligmaker nog nie van aangesig tot aangesig aanskou het nie.

Die geskiedenis is egter deur en deur droewig, want dit verhaal hoe die erediens tot verval geraak en 'n geheel heidense karakter aangeneem het. Die ark van die verbond het rondgeswerf van plek tot plek, en baiekeer het dit selfs in die vergetelheid geraak. Afgodsbeelde is gemaak en altare vir heidense afgode is gebou, waar ander gode as die God van Israel vereer is. Die priesters was onbekwaam vir hulle gewigtige taak. Dikwels was hulle totaal onkundig; die wetboek was 'n vergete ding, en die kerk, as draagster van die boodskap van die komende Christus, het heeltemal ontaard.

Op politieke gebied was dit ook aller treurigs gesteld. Deur die gedurige en aanhoudende oorlogvoering met die vyandige volke, waarby die volk Israel baiekeer gekneg en tot slawediens gedwing was, het die volk heeltemal verval. Ook het burgeroorlog en provinsialisme die land geteister en verskeur. Tot oormaat van ramp het die volk die band met God verbreek en meermale het die konings self die volk in afgodery en beelddiens voorgedaan. Maar elke keer as koning en priester hul roeping en hul plig versuim het, is die waarskuwende stem van die profete gehoor. Hulle was nie die geroepe leraars van die volk nie en hulle het ook nie 'n afsonderlike plek in die erediens beklee nie. Hulle was ook nie politieke figure nie, maar hulle het 'n heel besondere stempel gedra. Geen ander volk ter wêreld het ooit die figuur van die profete in hul geskiedenis geken nie. In die branding van die volkslewe het hulle daar gestaan as die beliggaming van die gewete; hulle het opgetree in die naam van God, met die opdrag om sowel koning as priester aan hul Godgewe opdrag te herinner.

Op die geskiedkundige boeke volg die digterlike boeke wat 'n heel besondere karakter dra. Vir 'n groot deel kan ons hulle beskou as Wysheidgeskrifte, waaronder ons Spreuke, Prediker en Hooglied tel. Sekere teoloë is geneig om Job ook hieronder in te deel, hoewel ander beweer dat Job eintlik iets op-sigself-staande is.

Die laaste reeks boeke van die O.T. bestaan uit die profetiese boeke of geskrifte. Hierdie boeke dra die karakter van hulle skrywers. 'n Profeet is iemand wat aan ander meedeel wat hy by wyse van openbaring van God ontvang het. Daarom word na 'n profeet ook dikwels verwys as 'man van God', 'kneg van die Here' en 'boodskapper van die Here', om aan te dui en daarop te wys dat hy 'n dienende funksie het, om die bevele van die Here aan ander oor te dra. Die profete het opgetree en gespreek in die bewussyn dat die boodskappe wat hulle bring, berus op die feit van 'n besondere openbaring van God aan hulle. Daarom het hulle hulle boodskappe steeds ingelui met die woorde "So sê die Here", of "Hoor die woord van die Here".

In die boodskappe wat hulle gebring het, het hulle geen mens ontsien nie. Met volharding het hulle gepleit vir sosiale geregtigheid en die misstande geteken en bestraf as afval en afdwaling van God. Met hulle prediking het hulle met 'n dubbele boodskap tot hulle tydgenote en die mensheid van alle tye gekom, naamlik die boodskap van bekering en die eis van gelowige vertroue op God, en aan die ander kant die boodskap van die oordele en strawwe wat God oor die volke sal bring as hulle volhard in hulle afval van die Here. (Bybel met verklarende aantekeninge.) Die een oomblik is hulle smekend, die ander oomblik weer dreigend en donker. Hulle is ontsagwekkend in hulle felheid en verskriklikheid. Ons word aangegryp deur die gekerm van die gewondes en sterwendes. Ons hoor die weemoedige geklaag van die weggevoerde ballinge. Ons sien die afgebrande en verwoeste stede en dorpe, ons hoor die reëlmatige dreuning van aanrukkende leërs en die gekletter van hulle wapens. Ons lees van verskroeiende hittede en droogtes wat die land teister; van kinders wat huil en smeek vir 'n stukkie brood, en diere 'wat vergaan van dors. Ons sien hoe groot swerms sprinkane die land oorval en al wat groen is, opvreet. Ja, in die boeke kry ons 'n aankondiging van ellende en dreiging en oordeel, só vreeslik dat dit amper te veel vir 'n mens word. Maar dan kry ons gelukkig ook weer dele met sulke innige trooswoorde, wat van so 'n moederlike teerheid getuig, dat ons dit amper nie kan glo nie.

Die tweede deel van ons Bybel

Ons kom nou by die tweede deel van ons Bybel, genoem die Nuwe Testament. Die eerste vyf van hierdie geskrifte lyk met die eerste oogopslag na 'n voortsetting van die geskiedkundige boeke van die O.T., wat hulle in 'n sekere sin ook is. By nadere beskouing blyk egter dat dit tog anders is. Die volk Israel is opgesluk deur die magtige Romeinse wêreldryk, en het 'n provinsie van 'n wêreldryk geword. Die politieke selfstandigheid is vernietig; tot op sekere hoogte is daar nog sprake van 'n eie nasionale bestaan, maar telkens word die volk tog baie sterk aan sy provinsiale beperktheid herinner. Die koningskap het opgehou om te bestaan. Ja, daar is nog konings en stadhouers, maar hulle is nie uit die Israelitiese koningshuise afkomstig nie, en die wat wel uit Israel is, oefen hulle mag alleen uit deur die guns van die Romeinse keisers. Die Joodse godsdiens is nog wel geduld, die tempel was nog daar en die hoëpriester het nog sy belangrike werk verrig. Die onderwysing in die wet het nou selfs gereelder plaasgevind as voorheen en 'n afsonderlike klas van wetgeleerdes het ontstaan wat hulle roeping met voorbeeldige ywer vervul het. En tog, onder dit alles was die kiem van vernietiging ook aanwesig, want dit was blote formalisme. Israel was onder die volke nie meer in tel nie, en nou het dit probeer om sy selfrespek en selfbehoud in geestelike oordreuenheid en pynlike wetsvervulling te soek.

As ons die Evangelies oopslaan, voel ons dadelik dat 'n ander gees ons teëwaai; ons voel dat Israel op die kruispad staan, vlak voor die katastrofe van algehele ondergang. Dit sal nie lank meer duur nie, dan stort alles ineen soos 'n gebou waarvan die fundamente ondergrawe is.

Die Nuwe Testament begin om vir ons van 'n profeet te vertel, die groot boeiende gestalte van Johannes die Doper, 'n man deur God geplaas op die grens van twee wêreldes, die wêreld van die Ou en van die Nuwe Testament. Johannes is 'n profeet van die kaliber van Jeremia en Elia. Hy waag dit om koning Herodes oor sy sonde te bestraf. Hy is ook nie vir priesters en wetgeleerdes bevrees nie. Onbarmhartig gésel hy hulle oor

hul uiterlike wetsbetragting en valse toekomsverwagtinge. Sy stem klink helder en luid, maar, helaas, vir 'n baie kort tydjie, want na enkele jare sterf dit weg, en andermaal het 'n profeet om sy goddelike roeping te gronde gegaan. Maar agter hom doem 'n ander gestalte op, groter en magtiger as hy, Jesus Christus, die Seun van God, die enigste Hoëpriester, die groot Profeet, die ewige Koning. Net soos die groot profete voor Hom waag Hy dit om die wetgeleerdes in hul hoogmoed aan te tas, om die priesters te bestraf oor hul versuim om behoorlik vir die heiligdom van God te sorg. Hy waag dit om die maghebbers, die koning en die stadhouer te bestraf.

Die volk van Israel wil Hom egter nie hê nie. Hulle het hul priesters en profete en vir so 'n geestelike koning soos Hy is daar in die hart van die volkslewe geen plek nie.

Maar as Israel Hom dan nie wil hê nie, loop hulle hulself teen Hom te pletter, en dan bou Hy rondom Hom 'n nuwe kerk, 'n kerk wat Hy versamel uit al die nasies en tale en volke van die wêreld. In 'n paar groot trekke teken die boek "Die Handeling van die Apostels" vir ons hoe die verhoogde Christus sy kerk versamel. Hierdie kerk van die N.T. het sy eie probleme waarmee geworstel word. Van hierdie probleme lees ons in die talryke briewe, 21 om korrek te wees, waarvan nie minder as 13 deur Paulus geskryf is nie.

Dan kom ons by die laaste boek van die N.T. Dit is 'n profetiese boek, genoem "Die Openbaring van Jesus Christus aan Johannes". In hierdie boek kry ons dieselfde toon waarmee ons reeds uit die O.T. bekend is. Weer hoor ons die gerommel van donder. Ons ontvang perspektiewe van vreeslike slagvelde, van ruïnes en alles-verwoestende epidemies, van afskuwelike monsters en al die magte van die hel wat hulle saamtrek. Ja, dit is nog verskrikliker as die skildering van die gerigte van die O.T. En in die middel van al hierdie verwoestinge lê die kerk soos 'n stukkie droë hout in die middel van 'n see van vlamme. Dan is alles opeens verby, en ons kry die hemelse gesig van God in die hemel op sy heilige troon met die heilige engele en al die gesaligdes rondom die troon, en in ons ore ruis die lied van aanbidding van die verlostes wat jubel tot in alle ewigheid:

"Aan Hom wat op die troon sit,
en aan die Lam
behoort die lof en die eer,
die heerlikheid en die krag,
tot in alle ewigheid".

Op. 5: 13.

HOOFSTUK 2

Die geskiedkundige boeke van die Ou Testament

Ons het nou 'n kort oorsig van die boeke van die Bybel gehad en gaan nou die verskillende groepe afsonderlik behandel, en bepaal ons nou eers tot die geskiedkundige boeke van die Ou Testament, nl. die sewentien boeke van Genesis tot by Ester. Die geskiedkundige boeke gee ons die geskiedenis deur die loop van die eeue en teken vir ons hoe God sy werk volvoer en sy plan afwikkel. Hulle gee ons nie net losstaande feite nie, maar openbaar ons God se plan met die wêreld en gee ons 'n insig in die heilsgeskiedenis en die langsame ontvouing van God se verlossingsplan met die wêreld. Hulle bied ons eindelose vergesigte en laat ons duidelik verstaan dat Christus in die middel van die wêreldgeskiedenis staan. Die kerngedagte van al die boeke is die beskerming deur God en die beveiliging van sy volk omdat Hy Hom deur niemand van sy volk sal laat ontroof nie. As ons hierdie boeke goed wil verstaan, moet ons hulle in hierdie lig, as een groot geheel beskou. Dan sien ons dat hulle hul middelpunt in Jesus Christus het en op Hom uitloop.

Maar hierdie boeke vertel ons ook hoe God in die persoonlike lewe van elke mens intree en hoe daar 'n eindelose reeks van manne en vroue was wat almal op 'n bepaalde tydstip in die wêreldgeskiedenis in een of ander verband opgetree het. Hulle was almal mense, gewone mense, almal vol sondes en gebreke, maar in wie se lewe God met sy heilige en magtige Woord ingegryp het. Ons kan hierdie boeke dus vanuit twee gesigspunte beskou, nl. as 'n eenheid, dit wil sê as een groot deurlopende geheel; ons kan hulle ook lees as 'n bundel geskiedenisse waarin allerhande persone vir ons geteken word, en dan moet ons nagaan wat God ons in die verhale oor al die menseleuens wil sê. Ons wil die boeke volgens hierdie tweede uitgangspunt behandel, omdat die Bybel weens sy indeling in boeke en hoofstukke en verse hierdie metode in die hand werk, en ook omdat die Bybel so baie aandag aan die uitbeelding van menseleuens bestee.

As ons dan so deur die Bybel blaai, lees ons van Adam en Abel en Henog en Noag, Abraham, Jakob, Josef en Moses, Gideon en Simson en 'n eindelose ry van mense. Die mense wat ons in die Bybel vind, is nooit bloedarmoedige, skematiese gestaltes nie, maar mense van vlees en bloed, deur-en-deur lewende mense. Dit is waarlik verbluffend hoe dikwels een of ander karakter in slegs enkele woorde skerp uitgeteken staan. Party word vir ons met 'n enkele pennestreek geteken, ander weer ten volle, maar almal was op een of ander wyse aangegryp deur die Woord van God. By party het God selfs regstreeks aan hulle verskyn en met hulle gespreek. By ander was dit 'n engel, nog andere het die boodskap van God deur middel van 'n profeet ontvang, en daar was ook mense tot wie dit by wyse van drome of gesigte gekom het.

Waarom is hulle in die Skrif opgeneem?

Die lewe van al hierdie mense word vir ons geteken in hulle reaksie op die Woord van God wat tot hulle gekom het. Party het dit gelowig aanvaar en hulle het hulle lewe daarvolgens ingerig. Ander het dit onwillig en ongelowig van hulle af weg gestoot; ander het hulle daarteen verset met al die krag waaroor hulle beskik het; maar, wat hulle reaksie ook al was, hulle word vir ons geteken in hulle groot worsteling met die Woord.

As ons die lewe van hierdie mense goed wil verstaan, moet ons die feite ken wat daardie leuens beheers het, hoe God in hulle lewe tot openbaring gekom het en waarom hulle dan so 'n stryd en worsteling onder daardie roeping van God gehad het. As ons dit vasgestel het, sal ons 'n beter insig in die strekking van hierdie boeke kry, en ook die doel verstaan waarom hulle in die Skrif opgeneem is.

Moses

Ons dink hier bv. aan 'n man soos Moses. Ons sien hom staan in 'n sekere verband, en op 'n sekere tydstip in die verloop van die geskiedenis. Voor hom het mense gelewe en na hom is ander mense gebore. In die lang proses van die wêreldgebeure staan hy op 'n

sekere punt tussen daardie twee reekse van geslagte. Hy staan daar tussen verlede en toekoms en net op daárdie punt in die geskiedenis kry sy lewe vir ons betekenis. Ons kan hom nooit indink as 'n tydgenoot van Noag of Salomo of Herodes of Paulus nie. So het elke mens en elke volk sy bepaalde plek in die verloop van die geskiedenis en met elkeen het God 'n bepaalde doel.

Abraham: eis en belofte

Dit is onmoontlik om die eindelose ry van geskiedkundige figure op hierdie wyse te behandel, en daarom wil ons 'n bietjie breedvoerig stilstaan by een van die groot figure en in die lig van sy optrede die Godsopenbaring in die geskiedenis sien.

Ons keuse het op Abraham geval. Abraham, die magtige aartsvader wat die hele ou geskiedenis oorheers. Hy kry die opdrag van God om alle bande met volk en familie en alle bande met die bodem waarop hy gegroei het, te verbreek, en in die volstrekte eensaamheid in te gaan. Vir 'n mens uit die ou tyd was dit 'n verskriklike saak, want met sy uittrede uit die gemeenskap waarin hy gebore is en opgegroeï het, het hy in die taal van die oudheid, 'n vaderlose geword. Dit beteken dat hy alle reg op beskerming, alle reg op 'n bestaan, verbeur het. Hy was dan gelyk aan 'n verwerpene, met al die smaad en bitterheid wat daarmee gepaard gaan. Vandag sal ons hom 'n "ontwortelde" noem.

Abraham, 'n ryk, welvarende man, moet hierdie gewigtige stap doen in opvolging van God se bevel, wat in die dubbele gestalte van eis en belofte tot hom gekom het. Die wêreld waarin hy opgegroeï het en waaraan hy innig verbonde was, laat hy los en die wêreld laat hom los, en hy gaan as 'n banneling die weg van die vreemdelingskap op. Geen stadspoorte wat hom sal inlaat nie, geen volk wat hom sal opneem nie, nêrens 'n stukkie grond wat hy sy eiendom kan noem nie, en nêrens 'n plekkie waar hy tuis kan voel nie. Hy is die groot eensame wat as vreemdeling die moeitevolle weg na die eis van die Woord van God moet aflê.

Die eis gaan egter gepaard met 'n belofte, nl. "Ek sal jou 'n groot nasie maak. Ek sal jou seën en jou 'n man van groot betekenis maak, en jy moet tot 'n seën wees. Ek sal seën wie jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek. In jou sal al die volke van die aarde geseën wees" (Gen. 12:2 en 3). Dit beteken dat Abraham ontwortel moet word sodat nie net sy eie volk nie, maar al die volke van die wêreld eenmaal in hom geseënd sal wees. Met hierdie belofte gaan hy die weg van verlatenheid op. Hy moet lewe uit die verwagting en belofte want hy het nog geen kind nie en dus geen steunpunt waaraan hy die belofte kan vasknoop nie. Hy gaan daar sonder steun agter hom waarop hy kan terugval en sonder steun voor waarop hy kan reken. Hy het geen band agter hom wat hom bind en vashou nie en hy het geen band voor hom waarop hy 'n toekoms kan bou nie. Hy het niks nie, behalwe die Woord en belofte van God. In tyd van gevaar kan hy nêrens op terugval nie, en daar is niemand, geen stamhoof of koning wat hom sal beskerm nie en geen mens ter wêreld wat oor sy lot bekommerd is nie. Dit gee hom 'n gevoel van onveiligheid en onsekerheid en dit bring mee dat hy geen risiko kan neem nie.

Abraham op die sondige weg

Hy gaan nou self in eie krag en buite God om en wend pogings aan tot beveiliging en beskerming. Op hierdie punt word die sonde in die lewe van Abraham en Sara openbaar en dit kom op verskillende haglike momente tot openbaring. In Egipte betree hy 'n leuenagtige weg, en hy soek sekerheid waar geen sekerheid is nie. In Palestina het hy, om Lot, te bevry, dapper gestry en hoewel hy daarmee vyande verwek het, kry hy andermaal die belofte: 'Moenie bang wees nie, Abram, Ek beskerm jou! Jou beloning sal baie groot wees". (Gen. 15:1).

Die versoeking bly nie uit nie. Abraham bly kinderloos en die belofte lyk nutteloos en kragteloos. Om homself van 'n nakomelingskap te verseker, neem hy nou sy slavin Hagar tot vrou. As daar 'n kind uit die huwelik gebore sal word, sal die kind kragtens die regsbegrippe van daardie dae, as kind van Abraham en Sara deurgaen. Dan sal daar

mos 'n begin wees waaraan die belofte van God vasgeknoop kan word. Maar God breek sy oorlegginge en Abraham ontmoet niks anders as moeite en verdriet op hierdie selfgekoose weg nie, want Ismael blyk 'n kind van verdriet te wees. Maar tog staan Abraham vas in die geloof en al word hy altyd in sy geloof beproef en al steek die sondige en kleingelowige natuur altyd weer sy kop uit, en al verval hy ook meer as eenmaal in die sonde, in sy diepste wese is en bly hy 'n gelowige.

Isak, kind van die belofte

Isak, die kind van die belofte, word gebore as Abraham en Sara alle hoop op die vervulling van die belofte opgegee het. Maar dan kom 'n ander beproewing. Abraham kry die bevel om Isak te offer en daarmee moet hy sy eie voortbestaan op die altaar lê. Isak is mos die kind van die belofte en aan hom en sy nakomelinge hang die bestaan van die kerk af, want Abraham is die vader van die gelowiges. Om Isak te offer beteken dus eintlik om Christus te offer. Hy doen dit in gehoorsaamheid aan die bevel van God, in die stilswyende vertroue dat God magtig is om selfs uit die dood op te wek.

So word die lewe van hierdie aartsvader vir ons afgeborduur. Ons sien hom as 'n mens wat daarvan bewus is dat hy as 'n verantwoordelike skepsel voor God staan. Hy staan onder beklemming van die Woord van God, hy moet glo, hy moet op God vertrou, hy moet Hom alleen dien. En dan sien ons aan die einde dat hy nie beskaamd uitgekom het nie, dat die God op wie hy sy vertroue gestel het, hom nooit verlaat het nie.

So kan ons ook al die gebeurtenisse in die lewens van al die ander mense, Adam, Noag, en Moses en die ganse ry van manne en vroue wat in die geskiedkundige boeke optree, as 'n wonderskone en gewigtige tema in die geskiedenis van die Godsopenbaring beskou en ons sien hoe God in die lewe van elke mens optree. Maar ons sien nog meer, want met daardie figure voor ons sien ons ook die geskiedenis van die kerk deur die eeue, want in die openbaringsgeskiedenis gaan dit oor die mense wat God uitverkies het. Elke fase van die geskiedenis het weliswaar sy eie karaktertrekke, maar die wese van die uitverkorenes bly al die eeue deur tog maar dieselfde.

Die kerk deur die eeue

Ons wil dit weer in die lig van die geskiedenis van Abraham illustreer. Abraham word geroep uit Ur van die Galdeërs, dit is, die kerk word geroep vanuit die volkerewêreld. Abraham is tot 'n groot volk gemaak waardeur al die volke van die wêreld geseën is. Die saad van Abraham het weer tussen die volke van die Ooste te staan gekom, waarin ons weer die kerk sien wat na die volke uitgegaan het en hoe sy probeer om onder die volke dissipels van Jesus te maak, in vervulling van die bevel van Christus in Matt. 28:19 en 20: "Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld".

In die vereensaamde posisie van Abraham in die volkerewêreld sien ons ook die kerk vandag as 'n vereensaamde, skynbaar onbeskermd en onveilig, en ons sien onself as eensame wandelaars op die smal pad. Die kerk ondergaan vandag dieselfde versoekinge as Abraham, as sy haar onveilig en onbeskermd voel en nie vertrou dat God die Almagtige uitkoms kan gee nie. Net soos Abraham in die offerande van Isak sy bestaan skynbaar moes prysgee, net so mag die kerk dalk vandag in die gehoorsaamheid gedwing word om haar eie bestaan te waag en haar toekomst skynbaar prys te gee. As God dit eis, sal die kerk dit moet doen en daarmee ook u en ek, want ons behoort ook tot die kerk en die gemeente van Christus.

HOOFSTUK 3

Die Psalms in die Skrif

Aan die beurt vir behandeling is nou die Psalms. Voor ons in breë trekke die karakter daarvan vir u wil skets, is dit nodig om daarop te wys dat daar meer "psalms" of te wel gebede en liedere in die Bybel is as net die 150 wat as sodanig gebundel is. Dwarsdeur die O.T. tref ons gedeeltes aan wat as psalms bestempel kan word. So is daar bv. 'n psalm in Eksodus 15, 'n lofpsalm van Moses nadat God die volk deur die Rooi See gelei het. In Rigters 5 kry ons die oorwinningslied van Debora. Dan is daar bv. Jes. 12, met die aangrypende aanhef.

"Ek loof U, Here!
U was kwaad vir my,
maar U is nou nie meer kwaad nie
en U het vir my uitkoms gegee.
God is my redder;
Ek vertrou op Hom

Daar is Jes. 38, met die gebed van Hiskia, wat ons ewe-eens 'n gebed kan noem, terwyl die gebed van Daniël, in Dan. 9, en die gebed van Salomo, in 1 Kon. 8, en die dankgebed van die Jode wat uit Babel na Jerusalem teruggekeer het (Nehemia 9) ook as psalms mag deurgaan. Die Klaagliedere van Jeremia is ook niks anders as 'n bundeltjie psalms nie.

In die N.T. vind ons ook sulke gedeeltes, o.a. die lofsang van Maria (Luk. 1:46-55), die lofsang van Sagaria (Luk. 1:67-79), die lied van die engele in Efrata, volgens Luk. 2:14, en ook die lofsang van Simeon (Luk. 2:29-32). In die briewe van die apostels is daar bv. die einde van Rom. 11, die pragtige doksologie of lofverheffing:

O diepte van die rykdom en wysheid
en kennis van God!
Hoe ondeurgrondelik is sy oordele,
hoe onnaspeurlik sy weë!
"Wie ken die bedoeling
van die Here?
Wie gee Hom raad?

Ten laaste noem ons die lofliedere van die gesaligdes wat Johannes vir ons in sy Openbaring opgeteken het.

Die boek van die Psalms 'n ware skatboek

Die boek van die Psalms is 'n ware skatboek. Hierin beluister ons 'n ootmoedige gebed en jubelende danksegging, en aanskou ons die diepste sielelyde en seëvierende verwagting. Ons sien hier die mensehart ten diepste toe geskok deur versoeking en hartstog en ons bemerk ook hoe daardie selfde hart opspring in blye uitredding en wonderbaarlike verlossing. Die snare van die sieleharp tril die een oomblik van leed en smart, as die vervolging van al kante af aanstorm of as die raaisels van die lewe die siel benou; die volgende oomblik tril die siel van 'n hooggekoesterde Godsvertroue en seëvierende verwagting. Nie die mens nie, maar God staan hier in die middelpunt. Die leiding van God met sy volk, met sy kerk, met sy gunsgenote word besing en sy Naam word grootgemaak want Hy is die God wat wonders doen.

Met die behandeling van die Psalms sal ons in die eerste plek onderskeid moet maak tussen individuele en gemeenskaplike psalms. In die individuele psalms is die digter oor homself aan die woord. Hy kla sy nood, hy bely sy geloof, of openbaar sy vertroue op God. Die sprekendste voorbeeld hiervan is wel die 51ste psalm, die ontroerende boetesang van Dawid na sy sonde met Batseba.

Ontferm, o God, ontferm U tog oor my!
Ontsluit die bron van u barmhartighede;
wis uit die smet wat kleef aan al my lede,
en maak my siel van sondeskuld weer vry!
Was my geheel tot my behoudenis,
was weg tog, Heer, die skandvlek van die sonde,
die kwaad wat my altyd voor oë is.
Hoe voel ek nou die brandpyn van my wonde!

Ps. 51:1, beryming Totius)

In die gemeenskaplike psalms is die digter nie oor hom persoonlik aan die woord nie, maar hy tree op as die vertolker van die uitinge van 'n menigte van mense, ja selfs van die hele volk. 'n Mooi voorbeeld hiervan is Ps. 124, wat 'n lied van die ganse Israel is:

"as die Here ons nie gehelp het nie, dan het hulle ons lewendig verslind."

Hierdie onderskeid moet ons egter nie alte skerp trek nie, want individuele psalms wat deur een digter oor homself uitgespreek word, kan tegelykertyd ook gemeenskapsliedere wees. So 'n digter is dan nie net enkeling nie, maar sy leed is dan die leed van die kerk van alle eeue; sy smee en dank, sy skuldbelydenis en geloofsvertroue is nie net syne alleen nie, maar die eiendom van almal wat hulle aan God verbind voel.

Subjektiewe en objektiewe psalms

'n Ander onderskeid wat ons wil aanvoer, is die tussen subjektiewe en objektiewe psalms. Subjektiewe psalms is sulkes waarin die persoonlike element en die gemoedsaandoening 'n sterk rol speel, bv. persoonlike leed, persoonlike bevryding en iets dergeliks. Objektiewe psalms daarenteen mis hierdie persoonlike kleur en dra 'n meer algemene karakter. Psalm 3, waar die digter self aan die woord is en sy eie persoonlike leed uitkerm, met die woorde: "Ek het so baie vyande, Here! Baie kom in opstand teen my. Daar is talle wat van my sê: Van God kom daar vir hom geen hulp nie!" is 'n mooi voorbeeld van subjektiewe psalms, terwyl Ps. 1, waar die digter in algemeenheid uitwei oor die seën wat die regverdige kan verwag solank hulle die regte weë bewandel, as voorbeeld van objektiewe psalms geneem kan word. In die algemeen geneem vertoon die objektiewe psalms groot ooreenkomst met die wysheidsgeskrifte, wat later behandel word. In hierdie psalms word, net soos dit in die boeke van Spreuke en Prediker die geval is, betuig dat die goddelose mense op die ou end die vrugte van hul sondige lewe sal pluk. Dieselfde vraag na die "waarom" wat ons so dikwels in die wysheidsgeskrifte aantref, word ook in menige psalm gestel.

Daar is ook baie psalms wat in die allernouste betrekking tot bepaalde handeling in die tempeldiens staan, bv. boetpsalms, wat waarskynlik gesing is wanneer die skuldoffers gebring is, en dankpsalms wat gesing is by die dank- en lofoffers. So kan ons aanneem dat baie van hierdie psalms nie net tuis en in die eensaamheid gesing is nie, maar ook by bepaalde geleenthede in die erediens, deur priesterkore of deur 'n hele skare van gelowiges gebruik is. Daar moes dus 'n innige verband bestaan het tussen psalms en erediens. Rondom die erediens het die psalmbundel gegroei!

Die wese van die psalms

Om die psalms na waarde te kan skat, is dit nodig om bietjie dieper op die wese of karakter van die psalms in te gaan. In die eerste plek moet ons dan daarop let dat in die psalms digters aan die woord is, wat, deur die Heilige Gees gelei, metterdaad die stem van God in die skepping beluister het. Hulle liedere gee ons nou die gelowige antwoord op daardie stem. Hierdie psalms kan ons saamvat onder die naam natuurpsalms. Hiervan is Ps. 8 'n mooi voorbeeld. Luister net:

Daar is geen land so ver of woës geleë
Geen strand, o Heer, of wilde waterweë,
Geen hemelsfeer in die oneindigheid —
Of orals blink u Naam en majesteit

(Vers 1, Beryming Totius)

Ons kan ook Pss. 19 en 33 hier noem:

Die hemel getuig
van die mag van God,
die uitspansel maak die werk
van sy hande bekend.
Die een dag gee die berig deur
aan die ander
en die een nag deel die kennis
aan die volgende mee

(Ps. 19:2 en 3)

Deur die woord van die Here
is die hemele gemaak,
deur sy bevel al die hemelliggame.
Hy het die seewater laat saamkom
soos in 'n dam,
die groot waters op een plek opgegaan.

(Ps. 33:6 en 7)

Dan is daar ook Ps. 29, die loflied op die grootheid van God in die ratelende donder en die flitsende bliksemstrale, wat as volg lui:

Die stem van die Here weerklink
oor die waters.
Dit is die magtige God
wat die weer laat dreun;
die Here self is op die groot waters!
Die stem van die Here is magtig,
die stem van die Here is vol majesteit.
Die stem van die Here
kloof die seders van die Libanon oop
Hy laat die Libanon
bokspring soos 'n kalf
en die Sirjon soos 'n jong bees.
Die stem van die Here
laat weerlig uitslaan.
Die stem van die Here
laat die woestyn bewe.
Die Here laat die Kadeswoestyn bewe.

(Ps. 29:3 tot 8)

Eindelik noem ons Ps. 104, die lied van die skepping, waarin die wysheid en die heerlikheid van die Skepper en Onderhouer van al wat leef in sulke magtige woorde besing word.

Here my God, U is baie groot,
U is bekleed met koninklike luister
U is met 'n kleed van lig omhul.
Dit is U wat die hemelkoepel
soos 'n tentdoek oopspan
en vir U 'n woonplek ingerig het

oor die waters daarbo,
U wat op die wolke ry,
op die vleuels van die wind,
U wat die winde u boodskappers maak,
die weerligte u dienaars,
(verse 1 tot 4)

U het baie dinge geskep, Here,
die aarde is vol van wat u gemaak het,
en tog, U het alles in wysheid geskep.
Daar is die see, groot en wyd,
wat wemel van diere, klein en groot
Daar vaar die skepe,
en daar is die Leviatan.
U het hom gemaak om mee te speel.
Hulle is almal van U afhanklik,
U gee hulle kos op hulle tyd.
U gee, en hulle eet,
U maak u hand oop,
en hulle kry meer as genoeg.

(verse 24 tot 28)

Die Woord van God in die wêreldbestuur

In die tweede plek kom die Woord van God tot ons in die wêreldbestuur. God regeer die lewe van 'n enkele mens sowel as die lewe van volke. Die antwoord van die digter op hierdie regeringspsalms kry ons vernaamlik in die wysheidpsalms. Ons noem bv. Ps. 1, waar in 'n algemene bewoording gesê word dat liefhebbers van Gods Wet, kragtens die ondeurgrondelike wêreldbestel van God, sal wees soos 'n boom wat aan die oewer van 'n waterstroom geplant is, terwyl die goddelose soos kaf sal vergaan. Die digter het opgemerk dat God in wysheid en geregtigheid die wêreld regeer, en sing nou daarvan in sy lied.

Vervolgens kom ons by 'n ander groep waarin meer bepaaldelik God se leiding met sy Kerk, met die volk Israel besing word. In hierdie psalms gaan dit nie soseer oor God se geregtigheid in die algemeen nie, maar oor wat Hy aan sy volk gedoen het, hoe Hy hulle beskerm en uit die nood gered het. Pragtig mooi word dit in Ps. 105, die weerklank op Genesis en Eksodus, weergegee. Van begin tot end is dit een loflied van heilige verwondering en dankbaarheid. Taamlik nou verwant aan hierdie groep is daardie psalms waarin nie soseer God se troue sorg oor sy Kerk in die algemeen besing word nie, maar waarin meer bepaaldelik één feit, één uitredding besing word. Hieronder val bv. liedere soos die lied van Moses wat hy gesing het toe God Israel deur die Rooi See gelei het, en die lied van Debora na die oorwinning oor Sisera. Onder die psalms is daar ook 'n paar wat sulke historiese gebeurtenisse tot agtergrond het.

Dan kry ons 'n groep wat weer nie soseer op die redding en bewaring van die Kerk sien nie, maar meer bepaald besing wat een bepaalde lid van die Kerk wedervaar het.

Psalms as antwoord op die wet van God

As sesde groep wil ons daardie psalms noem wat klink as 'n antwoord op die wet of openbaring van God. In hierdie wet is ons lewe en ons saligheid vasgelê, en die psalms wat hierop weerklank gevind het, is almal liedere van liefde en dankbaarheid. God spreek in die skittering van die sonsopgang...

Die een dag gee die berig deur aan die ander
en die een nag deel die kennis aan die volgende mee.

(Ps. 19:3)

Maar die wet van God is oneindig hoër, want die digter sê:

Die woord van die Here is volmaak:
dit gee lewe.
Die onderwysing van die Here
is betroubaar:
Dit gee wysheid aan die
wat nog onervare is.

(Ps. 19:8)

Ander psalms, bv. die hele lang Ps. 119, is een ontroerende uiting van liefde vir die wet van God, van vertroue op die wet en 'n hartstogtelike begeerte om te wandel in die weë soos deur God in sy wet aangetoon word.

Here, leer my hoe om u voorskrifte
uit te voer,
sodat ek my tot die einde toe
daaraan kan hou.

Laat my wandel volgens u gebooie,
want daarin vind ek vreugde.

Hoe lief het ek u wet!
Dit bly my elke oomblik by.

U woord is die lamp
wat my die weg wys,
die lig op my pad.

(verse 33, 35, 97 en 105).

Eindelik vind ons in die psalmbundel verskillende liedere wat ons as 'n antwoord op die tempeldiens en die gewyde handeling wat die priesters daar verrig het, kan bestempel. Uit die ander boeke in die Bybel verneem ons maar min oor watter plek die tempeldiens in die geloofslêwe van die Kerk van die ou tyd ingeneem het. Hulle laat wel deurskemer dat hierdie diens, om so te sê, net enkele oomblikke in die geskiedenis van Israel in sy volle skoonheid geskitter het. Verskeie groot feeste is eeue agtereën so goed as nooit gevier nie. Die volk Israel het slegs vir 'n kort tydjie die vreugde van die gereelde omgang met God, in die, deur God ingestelde, tempeldiens gesmaak. Hierdie paar oomblikke was vir die volk egter van besondere hoë betekenis gewees, en die heerlijkheid daarvan klink ons nog in verskeie psalms teë.

Die onbekende balling, die digter van Ps. 42, die lied van die onstuimige heimwee na die samekomste van die verbondsvolk in die huis van die Here, laat duidelik sien die gehegtheid van die vromes onder Israel aan die tempel.

Soos 'n wildebok smag
na waterstrome,
so smag ek na U, o God.
Ek dors na God, na die lewende God.
Wanneer kan ek gaan
en voor God verskyn?
Dag en nag is ek in trane,
want sonder ophou sê hulle vir my:
"En waar is jou God nou?"
As ek my lewe voor my laat verbygaan,
dink ek daaraan
hoe ek opgetrek het
na die woonplek van God,
voor 'n skare uit
na sy huis toe geloop het
met gejuig en lofsang —
'n skare wat feesvier.

(verse 2 tot 5)

En waar Ps. 84 getuig dat één dag in die voorhof van die Here beter is as duisend ander daar, kan ons vandag nog enigsins 'n denkbeeld vorm van wat die vromes in Israel moes deurleef het as hulle die rook van die offerandes sien opstyg het en wanneer die priesterkore die lofliedere aangehef het:

Hoe lief het ek u woning,
Here, Almagtige!
Ek versmag van verlange
na die tempel van die Here;
met alles wat ek is, wil ek jubel
oor die lewende God.
Dit gaan goed met mense
vir wie u huis 'n tuiste is:
hulle hou nie op om U te prys nie.
Waarlik, één dag in u tempel is beter
as duisend daarbuite.

(verse 2, 3, 5 en 11).

Die bedevaartsliedere

As laaste groep wil ons psalms 120 tot 134 noem, daardie groepie wat as liedere Hamaälot of bedevaartsliedere of ook wel as pelgrimsliedere (Bybel in Nuwe Vertaling) aangemerkt staan. Hierdie liedere is veral tydens die optogte na die feeste in Jerusalem gesing. Met watter besieling moes die vrome Israeliet nie Ps. 122 gesing het nie, daardie pragtige groet aan Jerusalem:

Ek was bly toe hulle vir my gesê het:
"Kom ons gaan
na die huis van die Here toe".
En nou is ons hier binne-in jou,
Jerusalem.'
Jerusalem is die stad
wat stewig gebou is.

(verse 1 tot 3)

Of dink aan Ps. 125, waar gesing word:

Die wat op die Here vertrou,
is soos Sionsberg
wat nie wankel nie
en altyd vas bly staan.
Soos die berge Jerusalem
aan alle kante beskerm,
so beskerm die Here sy volk,
nou en vir altyd.

(verse 1 en 2)

As ons bv. in Ps. 134 lees watter heilige jaloersheid die vromes in Israel gekoester het teen die priesters wat nagtelank in die huis van die Here staan, dan word ons getref deur die verhewe betekenis wat die tempeldiens in die lewe van die Kerk van die ou tyd gehad het. Ons lees hierdie psalm vir u na die beryming van Totius: Die jubelende volk sing:

O priesters, wat voor God bly staan,
Wanneer die sonlig onder gaan,
Wanneer die laaste straal verskiet —
O loof die Heer in sang en lied!

Smekend vra hulle dan:

O hef vir ons 'n naglied aan,
Wanneer ons weer van hier moet gaan;
hef priesterlike hande en pleit,
as alles rus in donkerheid.

Hierop antwoord die priesterkore:

Die Heer se seën sal met u gaan,
en ons sal biddend voor Hom staan,
Hy wat beveel en — dit geskied,
Hy sal sy seën oor u gebied.

HOOFSTUK 4

Die wysheidsprobleem

Half weggesteek tussen die groter geskrifte van die O.T. kom ons met die deurblaai van die Bybel by 'n paar merkwaardige klein geskrifte wat ons gewoonlik die Wysheidsgeskrifte noem. Hulle is die Spreuke van Salomo en die boek Prediker. Hoewel elke Bybelleser seker met 'n paar van die bekendste spreuke bekend is, en vrywel op hoogte is met die strekking van die gedagtegang van Prediker, is hierdie boeke tog minder bekend en neem nie 'n groot plek in ons lewe in nie, nieteenstaande dit in hierdie boeke om uiters gewigtige en belangrike sake gaan.

'n Sug en drang na wysheid deur die eeue

Deur die eeue heen vind ons by alle volke 'n sug en drang na wysheid. Die ou Grieke het hulle wyse manne gehad wat deur die eeue heen, as voorbeelde vir die hele volk, vereer en nagevolg is. Egipte, China en Japan het almal hulle boeke van wysheid uit die vervloë eeue. Hierdie wysheid waarna die volke gesoek het, is heeltemal iets anders as wat ons vandag wetenskap en wysbegeerte noem. Dit het by hierdie manne nie gegaan oor die vraag hoe hulle die geheime van die natuur kon blootlê of hoe hulle sekere wetenskappe kon opbou nie, maar dit het by hulle gegaan oor die lewensbelangrike en allesbeheersende vraag hoe mens veilig en suksesvol deur die lewe kan gaan, sonder om deur tallose rampe en gevare wat die mens elke dag bedreig, tenonder te gaan. Hierdie wyse, meestal gryse manne met 'n skat van rype, besonke ervaring, het oor die lewensraaisels en geheime nagedink en diepsinnige spreuke nagelaat wat van geslag op geslag oorgelewer is. Die Wysheidsgeskrifte van die Bybel wil ons nou in dieselfde sfeer van wysheid inlei. Spreuke en Prediker, en in 'n sekere sin ook Job, hoewel dit hier enigsins anders ingeklee is, is die boeke van wysheid, maar dit is wysheid wat van bo, van God af kom, wysheid met 'n hemelse karakter, uitgespreek onder die lig van die ewigheid. Ja, deur die inspirasie van die Heilige Gees handel hierdie geskrifte spesiaal oor die praktiese lewenswysheid. Ten slotte tree die wysheid hier dan ook op in hoëre sin, as 'n bepaalde persoon, wat volgens Spreuke 8, niemand anders as die "Woord van God" of in Nuwe Testamentiese lig later, die Seun van God self is nie.

In die boek Spreuke wat as die wysheidsboek by uitnemendheid genoem kan word, is die wysheid van God toegepas op die lewe van elke dag en is vol praktiese lewenswysheid. By Prediker word in hoofsaak geworstel met die nietigheid van die mens se bestaan, die vermoeiende herhaling van alle gebeure in die swarmoedige, herhaalde versugting: Alles tevergeefs, alles tevergeefs, dit is alles tevergeefs. (Pred. 1:2, 1933 vertaling).

God het met alles 'n doel

In hierdie boeke vind ons dat die wysheid van God toegepas word op die lewe van elke dag en daarom is hulle inhoud vol praktiese lewenswysheid. Die opmerksame leser sal tot die verrassende ontdekking kom dat in hierdie boeke die gedagtes as't ware omhoog spuit uit 'n altyd borrelende fontein, en vergesigte van seldsame skoonheid en verhewenheid word vir ons voor oë gehou. In hierdie boeke gaan dit deurgaans om die onbegryplikhede van die lewe op te los. Waarom is daar skynbaar soveel onreg in die lewe? Waarom word die goeie wat gedoen is, so selde beloon en waarom word hulle wat verkeerd gedoen het nie gestraf nie? Waarom kan die lewe baiekeer so sonder doel, so sinloos lyk? Waarom die geswoeg en gesukkel, waarom die nimmereindigende gesoek na geluk, as die dood soos 'n verskriklike vyand, tog skielik en onverwags 'n end aan alles maak? Is dit nou wel die moeite werd om jou in hierdie lewe so in te span en die goeie te soek terwyl alles tog aan die verganklikheid onderwerp is? Dit is van die vrae wat in hierdie boeke gestel word deur 'n mens wat in die spanning van die volle lewe gestaan het en nou as't ware 'n oomblikkie uitgetree en opsy gaan staan het om hom te besin oor die wonderdiepe bedoeling van al hierdie dinge. Uit hierdie mymering kristalliseer dan die wysheid, en die onverbreeklike indruk wat hierdie boeke ons van die wysheid gee, is dat die vrees van die Here die beginsel en die wortel van alle wysheid is. 'n Mens

wat mymer en redeneer vanuit wat hy beskou en sien en ondervind, raak hopeloos verdwaal in die groot lewensprobleme, maar die mens vir wie dit vasstaan dat God regeer, en dat Hy eenmaal elke ding in die gerig sal bring, hy het die geheim van die ware wysheid ontdek. Hy sal hom nie deur die skynbare suksesse en voorspoed van die goddelose van stryk laat bring nie.

Die wysheid van hierdie boeke is 'n afskaduwing van die wysheid van God. Dit is die ewige Woord van God waardeur ons die skynbaar onoplosbare raaisels in 'n ander perspektief sien, waardeur ons die verwarde wêreldgebeure sien as die majesteitlike werk van God.

Geen wisselende spel van geluk en ongeluk

God het die wysheid van ewigheid af, van voor die begin van die skepping af besit, en, danksy daardie Goddelike wysheid is alles in hierdie wêreld georden en welgegrond, en lê alles onder die mag van wyse Goddelike wette. As ons dit verstaan, sal ons ook sien dat die wêreldgebeure deur 'n vaste wetmatigheid gelei word, 'n wetmatigheid wat op reg en billikheid gegrond is. 'n Gewone mens kan dit amper nie so insien nie. Hy is teveel geneig om die wêreldgebeure te sien as 'n wisselende spel van geluk en ongeluk. Dit is net dáárdie mens wat uit die grond van sy hart die Here vrees wat die wyse regverdigheid in die lewens en wêreldgebeure kan sien. Dit is dan ook om hierdie rede dat daar in Spreuke 9:10 en Psalm 111:10 met soveel nadruk verklaar word dat die vrees van die Here die beginsel van die wysheid is. In Spreuke lees ons: "Wysheid begin met die dien van die Here; wie die Heilige ken, het werklik insig". Die Psalm stel dit so: "Wysheid begin met die dien van die Here; almal wat dit doen, het ware insig".

Die geregtigheid van God word vir ons in die wysheidsgeskrifte op besondere wyse beskrywe. Reeds in die eerste hoofstuk van Spreuke lui dit:

Julle het 'n afkeer van kennis gehad,
julle het geweier om die Here te dien,
julle het my raad verontagsaam
en elke teregwyding van my geminag.
Julle sal die vrugte
van julle optrede pluk,
julle sal van julle eie planne walg.

(verse 29-30)

Daar staan die benouende waarheid dat die mens vroeër of later die vrugte van sy daad sal pluk. Tussen daad en lot bestaan 'n innige, onverbreekbare verband. Hierdie selfde gedagte kom in verskillende vorms terug. So lees ons in hoofstuk 5:22:

Die oortreding van die goddelose
agterhaal hom.
hy draai hom vas in sy eie sonde.

In Spreuke 11:31 staan geskrywe:

Die regverdige kry hier op aarde
wat hom toekom;
net so seker die goddelose
en die sondaar.

Hierdie paar grondgedagtes beheers die hele Spreukeboek. Hulle word in allerhande vorms en met betrekking tot allerhande lewenswerklikhede aangewend en toegepas. Daar is bv. die luiaard, die man wat hom oorgee aan die rus, nie die welverdiende rus na harde arbeid nie, maar die ledige niks-doen, die lui-lekker lewe van die man wat nie wil werk nie! Besonder skerp word hy geteken in die woorde:

Hoe lank gaan jy nog lê, luiaard,
wanneer gaan jy opstaan?

Nog 'n bietjie slaap,
nog 'n bietjie sluimer,
nog 'n bietjie handevou en bly lê,
en daar oorval die armoede jou
soos 'n rower,
daar oorrompel die gebrek jou
soos 'n inbreker.

(Spreuke 6:9-11).

Verskillende waarskuwings

Dan gee die digter hom die wyse raad om na die miere te gaan en van hulle te leer (hoofstuk 6:6-8):

Gaan kyk na die mier, luiaard,
kyk hoe hy werk, en leer by hom.
Hy het nie 'n leier nie,
nie 'n opsigter of 'n regeerder nie,
tog maak hy sy kosvoorraad reg
in die somer,
versamel hy sy voedsel in die oestyd.

Daar is die wellustige, die man wat homself oorgee aan die sinnelike begeertes van sy vlees, wat in die strikke van die wellus gevang word. Dit is 'n magtige vyand — magtiger as 'n goed afgerigte leer — en sy slagoffers word by die duisende getel, vandaar die byna smekende waarskuwing:

Maak wat ek vir jou sê jou eie,
my seun,
hou by wat ek jou voorskryf,
maak wat ek jou voorskryf jou eie,
dat jy kan lewe,
maak wat ek jou leer jou eie,
so eie soos die appel van jou oog.
Dit sal jou weghou
van die slegte vrou af,
die vrou met die verleidelike praatjies.
Sy het die val van baie
op haar kerfstok,
sy het al baie manne laat ondergaan.

(Hoofstuk 7:1, 2, 5, 26).

Daar word gewaarsku teen die sonde van gierigheid, terwyl die vrygewigheid en die betoning van mededeelsaamheid en barmhartigheid hoog geroem word. In hoofstuk 11, verse 24 tot 26 sê die Spreukedigter hiervan so pragtig:

Daar is mense wat vrylik uitdeel
en tog steeds meer het,
daar is ander wat suinig is
en tog arm word.

Wie 'n ander voorspoed gun,
sal self oorvloed hê.
Wie die dors van 'n ander les,
sal self genoeg kry as hy dors is.

Mense vervloek iemand wat weier
om koring te verkoop
en hulle seën iemand wat gewillig is
om te verkoop.

Ons beluister ook die waarskuwing teen die hoogmoedige en die grootprater, want, soos die bekende spreekwoord sê, kom hoogmoed voor die val. Spreuke 16, verse 18 en 19 stel dit so:

Op hoogmoed volg ondergang,
op selfverheffing volg die val.

Liewer eenvoud saam met nederiges
as om saam met hoogmoediges
van roof te lewe.

'n Goddelike "moet" in alles wat gebeur

So word vir ons vanuit daardie een middelpunt van geregtigheid van God die lig van die wysheid na alle kante uitgestraal oor al die gewoel en gewerskaf van die mense, oor hulle teleurstellings, ydele hoop en valse verwagtings. Daar is 'n goddelike "moet" in alles wat gebeur, daar is onverbreekbare wette wat alles op aarde lei en bestuur. En wat van enkelinge geld, geld net so goed van volke en nasies. Net so min as wat 'n enkeling hom na willekeur alles mag veroorloof, net so min mag groot volksgemeenskappe dit doen, want ook hulle lê onder die bedreiging van die goddelike wysheid, want:

Gehoorsaamheid aan die Here
laat 'n volk sterk staan;
sonde bring skande oor 'n volk.

(Spreuke 14:34).

Die mens wik maar God beskik

Dit het u seker ook al getref dat al hierdie diepgrypende wonderlike leringe op so 'n uiters eenvoudige wyse as vanselfsprekende waarhede geskets word. Partymaal lyk dit of alles sommer so vanself gaan, net asof God glad nie daarby nodig is nie. Dit lyk of die sonde homself straf, of die luiheid outomaties tot armoede lei, dit lyk asof die sinnelike lus tot allerhande walglike siektes en ellende lei, en asof hoogmoed vir hom 'n muur van afsondering bou. Dit lyk in een woord asof daar 'n soort verborge meganisme is wat met outomatiese noodwendigheid die lewensleed aan die karaktersonde vaskoppel. Tog is dit nie die geval nie, want al word God nie telkens genoem nie, is dit tog die Goddelike wysheid wat dit alles doen en wat agter hierdie gebeurtenisse sit wat hulle so skynbaar outomaties voltrek.

God is in elke saak, in elke moment teenwoordig!

Dit is wat die wysheidsgeskrifte ons wil leer.

HOOFSTUK 5

Die groot raaisel

Job

Hoewel die probleem van die skynbare onregverdigheid in die lewensbestuur 'n probleem is wat in al die wysheidsgeskrifte opduik, vorm dit tog by uitstek die grondprobleem in die boek Job. Hier tree dit met dramatiese krag na vore. Die vriende van Job is verteenwoordigers van die wysheid wat probeer om 'n oplossing te vind vir die raaiselagtige gebeurtenisse van die lewe. Hulle sê pragtige dinge, woorde van waarheid wat blyk gee van 'n ernstige lewensopvatting. In ongeveinsde verbasing sê Bildad:

Sal God die reg verdraai,
sal die Almagtige verdraai
wat reg is?

(Job 8:3).

En 'n rukkie later stel hy die vraag:

Hoe kan 'n mens reg hê voor God?
Hoe kan iemand
wat uit 'n vrou gebore is,
onskuldig wees?
As vir God selfs die maan
nie helder is nie
en die sterre nie blink genoeg nie,
hoeveel te minder 'n mens,
'n blote wurm,
'n mensekind,
wat maar 'n ruspe is?

(Job 25:4-6)

Job se vriend Elihu probeer hom egter troos deur met die grootste oortuiging te sê:

Maar luister na my,
julle wat alles verstaan!
God doen nie verkeerd nie,
die Almagtige begaan nie 'n onreg nie.

(Job 34: 10)

Ja, hierdie manne, wat gekom het om hulle vriend, hierdie Iyer, wat so swaar getref is, te help en te bemoedig, is draers van die wysheid, en wat hulle sê is in meer as een opsig ryk van taal en inhoud.

Die wysheid 'n gevaarlike ding

En tog tas hulle verkeerd en al hulle wysheid bring hulle op verkeerde paaie. Hulle neem aan dat dit in die praktyk van die lewe net so moet gaan soos hulle dit gedink en gesê het, en hulle besef nie vir een enkele oomblik dat hulle die arme Job daarmee verpletter nie. Dit is juis die eienaardige van die boek Job. Die vriende het gelyk en hulle het ook nie gelyk nie. Hulle sê mooi dinge, dinge wat waar is, maar wat in betrekking tot Job tog nie waar is nie, Hier kan ons sien watter gevaarlike ding die wysheid is! Daarmee kan iemand sy medemens 'n verskriklike onreg aandoen. Daarmee kan jy mense ongenadig folter en tot wanhoop bring. Dit is presies wat met Job gebeur het. Deur die wysheid van sy vriende word hy gemartel en hy kan niks daarteen aanvoer nie, al weet hy in die diepste van sy siel dat dit nie só is soos hulle dit stel nie, dat hulle goedkoop waarhede kwytraak, waarhede wat nie aan die geweldige raaisels van die Godsbestuur raak nie.

As die vriende van Job geweet het wat vooraf deur God en die Satan bespreek is, sou die

probleem nie so pynlik gewees het nie. Nou hang daar 'n gordyn en agter daardie gordyn lê die oplossing. Maar watter aardse mens kan só ver met sy gedagtes deurbring? Ons staan almal aan die voorkant van die gordyn, ons sien wat hier gebeur, maar ons weet nie wat agter die gordyn oor ons besluit is nie. Daarom is daar in elke lewe 'n groot raaisel wat selfs nie deur die magtigste menslike wysheid verklaar en opgelos kan word nie. Daarom sien ons ook in elke menselewe iets van 'n wonder, iets van die verborgenheid van God.

Agter die probleem van lyde en voorspoed is baie meer as wat 'n gewone mens dink. Dit is oneindig meer ingewikkeld as wat selfs 'n wyse kan vermoed. Daarom pas dit elke mens wat die wysheid beoefen of wil beoefen om die uiterste mate van versigtigheid en 'n buitengewone mate van eerbied aan die dag te lê om nie tot valse gevolgtrekkings te kom nie.

Die probleem van die Prediker

Hierdie probleem tref ons ook aan in die boek Prediker. Hy soek 'n antwoord op die diepste lewensvrae, ook die waarop die menslike wysheid geen antwoord het nie. Daar word in vertwyfeling gevra watter waarde en watter sin die wysheid nog het in 'n wêreld wat só deur wanorde en dwaasheid regeer word. Die Prediker het die lewe bestudeer, hy wou graag tot 'n bepaalde resultaat kom om te konstateer: Só en só is dit in die lewe gesteld. Só en só moet jy lewe om die lewensgeluk te smaak ... Hy het alles nagespeur maar dit het hom geen geluk gebring nie. Luister hoe hy hom daarvoor uitlaat: "Ek het my daarop toegelê om *alles* wat in hierdie wêreld gebeur, te ondersoek en behoorlik te deurdink. Ek het bevind: God het 'n harde taak aan die mens gegee om hom mee besig te hou. Ek het alles wat in hierdie wêreld gebeur, bekyk: alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind ...". (Pred. 1:13 en 14) Hy kom tot die slotsom dat die lewe 'n dodelike sirkelgang is van opgaan en afgaan, van "Opgaan, blinken en verzinken" (om 'n kernagtige Nederlandse uitdrukking te gebruik) en niemand kan die sin daarvan bepaal nie. Die mens se inspanning en selfs sy genieting en sy wysheid is alles sinloos, 'n gejaag na wind. Die wyse kan ook niks vind om dit wat ontbreek, aan te vul nie, om op daardie manier die lewe nog draaglik te maak nie. Hy staan met die wysheid magtelos teenoor die lewe in die benouende greep van hierdie kringloop.

Op party plekke lyk dit asof die Prediker ons heeltemal in die twyfel en onsekerheid laat bly, waar hy sê: "die lot van die dwaas sal my ook tref, wat help dit my dan dat ek soveel wysheid het? En ek het vir myself gesê: Ook dit kom tot niks. Die wyse sal net so min as die dwaas altyd onthou word. In tye wat kom, word alles vergeet. Die wyse sterf net soos die dwaas! Ek het die lewe gehaat, want alles wat in hierdie wêreld gebeur het, het vir my sleg afgeloop. Alles kom tot niks, dit is 'n gejaag na wind". (Pred. 2:15-17)

Besonder skerpsinnige waarneming

Die skrywer van die boek openbaar so 'n besonder skerp waarneming vir al die onregverdigheid en onbillikhede wat dag vir dag in die lewe voorkom, dat dit soms lyk asof hy heeltemal aan die Godsbestuur gaan twyfel. Waar Job se vriende van mening was dat hulle hul wysheid-spreuke op elke probleem kan toepas, daar is die Prediker ten volle bewus van die moeilikhede wat oral voorkom. Dit gaan in die lewe gewoonlik anders as wat mens jou dit voorstel. Daar is vir hom geen diepgaande verskille tussen regverdiges en onregverdiges nie, want dieselfde lot tref albei. Die Prediker sien ook duidelik wat die uitwerking hiervan is, want, sê hy: "Omdat die verkeerde daad nie meteens gestraf word nie, hou mense eenvoudig aan om verkeerd te doen". (Pred. 8:11) Hy worstel met die vrae wat op hom aanstorm as hy die wêreldgebeurtenisse gadeslaan. Met al sy wysheid, met al sy gepeins en gemymer kan hy nie 'n oplossing vir die raaisel vind nie. Hy probeer alles, maar hy vind geen vastigheid nie. Vir hom wankel alles, maar 'n twyfelaar is hy tog nie, want hoewel hy geen oplossing vind nie, roep hy tog vol oortuiging uit: "Ek weet: met die vromes wat vir God dien, sal dit goed gaan". (Pred. 8:12)

Aan die einde van sy boek vat hy alles wat hy in die lewe met soveel moeite en sorg

deurworstel het, saam in hierdie wonderskone belydenis: "My seun, die slotsom van alles wat jy gehoor het, is dit: Dien God en gehoorsaam sy gebooie. Dit is wat van die mens gevra word. God sal rekenskap eis oor alles wat gedoen word, ook oor wat in die geheim gedoen word, of dit goed of kwaad is". (Pred. 12:13, 14)

Die vrae klink ook op in die Psalms

Die vrae van die wysheid klink ook in die Psalms waar ons 'n hele paar aantref wat op een lyn met die wysheidsgeskrifte, Prediker, Spreuke en Job gestel kan word. In sy eenvoudigste vorm tref ons dit aan in Ps. 1 waarin ons meegedeel word dat die regverdiges deur die Here geleidelik word:

Dit gaan goed met die mens
wat nie raad van goddeloses volg nie,
nie met sondaars omgaan
en met ligsinniges saamspan nie,
maar wat in die woord van die Here
sy vreugde vind,
dit dag en nag oordink.
Hy is soos 'n boom
wat by waterstrome geplant is,
wat op die regte tyd vrugte dra
en waarvan die blare nie verdroog nie.
Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.
So is die goddeloses nie.
Hulle is soos kaf wat deur die wind
uitmekaar gewaai word.

(Ps. 1:1-4)

Hier is dit nog alles eg kinderlik en seker, sonder aanduiding van enige probleem. In ander psalms begin die probleem gestalte aan te neem, om in Ps. 73, seker een van die bekendste psalms, tot aangrypende ontboeseming te kom. Die digter van Ps. 73 is jaloers op die voorspoed van die goddelose en hierdie jaloersheid het hom amper op 'n dwaalweg gevoer. As hy deur lewenservaring tot die oortuiging kom dat die onregverdiges gewoonlik die meeste voorspoed en sukses in die lewe geniet en dat hulle die rus in die wêreld smaak, stel hy die vraag of dit dan maar nie beter is om alle norme van goed en kwaad oorboord te gooi en volgens die insigte van die eie hart te lewe nie. In vertwyfeling roep hy uit: "Hoe sal God dit uitvind? Hoe sal die Allerhoogste dit weet?" Maar ook hierdie denker gaan nie in sy vertwyfeling onder nie. Die geloof en Godsbetroue hou hom staande en jubelend-bly roep hy dit uit:

Ek het diep nagedink
om dit te verstaan
en dit was vir my bitter moeilik
totdat ek in die heiligdom van God
ingegaan en besef het wat die uiteinde
van die goddelose is.

(Ps. 73:16, 17)

Nou sien hy alles in 'n heeltemal ander perspektief. Hy staan nou onwankelbaar vas en bely dit voor die hele wêreld:

U laat hulle op gladde plekke loop,
U laat hulle ondergaan
deur hulle eie geknoei.
In 'n oogwink word hulle
iets afgrysliks,
gaan hulle te gronde,
tref 'n verskriklike einde hulle.

Toe ek verbitter was
en veronreg gevoel het,
was ek dom en sonder insig;
soos 'n redelose dier
het ek my teenoor U gedra.
Tog was ek nog altyd by U,
want U vat my aan die hand.
U lei my met U raad
en aan die einde sal U my
in ere by U opneem.
Daar is niks in die hemel
of op die aarde
wat vir my meer beteken as U nie.
Al is ek afgetakel na liggaam en gees,
God is my sterkte;
aan Hom behoort ek vir altyd.

(Ps. 73:18, 19, 21-26)

Ja, uiterlik gesien is die goddelose voorspoediger, maar hy wat noukeurig oplet en dieper naspeur, hy weet beter en sing saam met die digter van Ps. 84:

Waarlik, één dag in u tempel is beter
as duisend daar buite.
Ek staan liewer by die drumpel
van die huis van my God
as om te woon in huise sonder God.

(vers 11)

So wil die wysheidsgeskrifte ons leer dat almal wat in oorgegewenheid van die hart en 'n vaste geloof in God deur die lewe wil gaan, nie beskaamd sal staan nie.

HOOFTUK 6

Die wêreldpolitiek van God

Nou wil ons die profetiese geskrifte in oënskou neem en bietjie stilstaan by die optrede van die profete in 'n tyd toe Israel in die branding van botsende wêreldryke gestaan het.

Die profete het as die vermaners en herders van die volk Israel opgetree. Die volk Israel het as't ware twee middelpunte gehad, nl. 'n kultiese- of godsdienstige middelpunt wat in die hoëpriester en die tempeldiens beliggaam was en 'n politieke middelpunt wat in die koning saamgetrek was. Wanneer hierdie twee middelpunte van die volksbestaan begin het om te verswak, het die ontaarding begin om in te tree, en wanneer die volk deur vyande van buite bedreig is, het die profete opgetree met die boodskappe van die Here. So het hulle gedurig in die branding van die heilsgeskiedenis gestaan.

Die profeet het altyd met die volk as geheel te doen gehad. Hy het hom nooit tot enkelinge gerig nie, maar gewoonlik tot die volk as geheel. Gewoonlik tref ons die profete naby die tempel of naby die paleis aan, waar hulle hul vlammende protes en waarskuwing teen die afval van God en die sedelike verwildering van die volk laat hoor het. Elke mens dink in terme van een of ander grootheid, of hoeveelheid. 'n Makelaar dink in terme van geld, 'n handelaar in terme van ware, 'n generaal in terme van leërs en divisies, en so het die profete in terme van volke gedink. Hulle het Israel gesien, omring deur die ander volke. Israel as Godsvolk verswak en bedreig deur sy onkeerbare drang na afgodediens en sedeloosheid, en dan sien hulle die goddelike gerig soos dit later deur middel van die ander volke oor Israel voltrek word. Hulle behoort self by Israel, maar hulle aanvaar gelowig die vonnis van God oor hulle volk, en, al voel hulle dat dit hulle eie volk tref en daarmee hulleself, sien hulle tog daarin die majesteit en die heerlikheid van God uitskitter.

Die geskrifte vandag weer aktueel

As ons hierdie profetiese geskrifte in oënskou neem, en bietjie oor alles wil nadink, word dit vir ons baie duidelik waarom daardie geskrifte vandag weer so aktueel is. 'n Paar dekades gelede het daar 'n Duitse kommentaar oor die boek Jesaja verskyn met die veelseggende titel: "Die Boek van die Wêreldpolitiek van God". Inderdaad 'n goedgekose titel, want gesien in die lig van die wêreldgeskiedenis bring dit ons in aanraking met die wêreldpolitiek van God, want ons kan duidelik die voortgaande worsteling van die kerk in die volkerewêreld bespeur. Ons sien daarin ook die volkome oorwinning van God.

Ons, mense van vandag, in die veelbewoë wêreldperiode waarin ons lewe, is miskien beter as vorige geslagte in staat om hierdie dinge te sien en te peil. Ons verstaan vandag soveel beter dat ons persoonlike lewe met al sy lief en leed in ons volkslewe ingewef is en dat ons volkslewe op sy beurt weer baie intiem met die volkereverband saamhang. Ons is vandag nie meer onkundig van wat in die uithoeke van die wêreld plaasvind nie. Ons is daar maar alte deeglik van bewus dat wat daar plaasvind, ons persoonlik raak asof ons persoonlik daarby betrokke is. Ons is nie meer enkelinge en geïsoleerdes nie, maar ons is ten nouste saamverbind en saamgewef in die worstelinge wat in Asië en Korea en ander wêrelddele plaasvind. Ons is almal in die wêreldpolitiek betrek en dra saam aan die laste van die wêreldlewe vandag ...

Die ryksgedagte tref ons

'n Ander gedagte wat ons tref as ons die profetiese boeke deurblooi, is die ryksgedagte, wat soos 'n duidelike sigbare draad daardeur heenstrengel. In die tyd van die rigters en die konings het dit al begin. Toe het Israel oorlog gevoer teen die klein omliggende volke, die Filistyne en die Ammoniete, en so meer. Maar in die tyd van die profete het alles anders geword. Magtige konings van verskillende lande het opgetree as bouers van wêreldryke. Hulle wou baie nasies aan hulle onderwerp en het so groot omvangryke wêreldryke gestig, waarin die vrede eeuelank bestendig en verseker sou wees. Die ideaal van 'n wêreldryk is gewoonlik ingegee deur selfsugtige, materialistiese motiewe. Hulle

het gestreef om die bodemrykdomme wat welvaart en weelde sou verseker, te beheer, om oor soveel hulpbronne te beskik, dat hulle sonder die hulp van ander lande kon klaarkom. So het hulle begin om wêreldryke te bou, geslote politieke en ekonomiese groothede, middelpunte van weelde en mag.

Die gedagte van 'n wêreldryk het die mensheid al die eeue heen, vanaf die toringbou van Babel tot vandag toe, bekoor en toegelag. In die gedagte van 'n wêreldryk het mens aan die vloek van verskeuring, van oorlog en armoede en bedreiging ontkom. Die mensdom het hom soos een man om een koning geskaar, hulle het geleer om een taal te praat, die volke het net een godsdiens gehad, hulle was in een woord, in feitlik een organisme verbind. Dit lyk amper asof die wêreldryk-gedagte al die eeue heen soos 'n droom geleef het, en dat hy elke keer weer opduik en die volkere in beroering bring. Dan is dit net of die verwagtinge hulle in een punt saamtrek; dan is dit net of die mensheid homself weer veiliger voel teenoor die oordele van God, en dat hy in sy vaste aaneengeslotenheid as't ware een magtige front opwerp teen die hemelse leërskaer.

Waarvandaan kom die wêreldryk-ideaal?

Waarvandaan hierdie romantiese wêreldryk-ideaal die gedagtes van die mensheid binnegedring het, weet niemand nie, maar dit neem nie weg dat dit telkens weer in onverbleikte glans voor ons opdoem nie. En nou was die eeue van die profete van Israel eeue waarin die wêreldryk-gedagte betowerend op die volke ingewerk het.

Vandaar dat ons telkens lees van ryke wat skielik vanuit die onbekendheid opdoem en oorloë voer met die doel om groot wêreldryke te stig.

Nou moet ons natuurlik in gedagte hou dat die wêreldryke van daardie dae glad nie met die groot ryke van ons tyd vergelyk kan word nie. Toe was dit feitlik niks anders as 'n magtige uitbreiding van een volk nie. Toe was daar nog nie so iets soos 'n gemenebes of federasie van volke nie. Soos een man het die volke hulle om een koning geskaar, daar was een godsdiens, daar was een saambindende geloof in dieselfde goddelike magte en instelling. Dit was dan ook die rede dat Israel as die uitverkore volk van God nie in die raamwerk van hierdie wêreldryke kon inpas en bestaan nie, omdat Israel dan sy eie godsdiens moes afswaar, dan moes hy ook voor die een koning buig in plaas van voor God, en hy moes ook daardie beeld, wat deur die hele wêreldryk as God vereer is, aanbid. Hier, in hierdie punt, lê Israel se botsing met die wêreldryke, soos die profetiese boeke dit in aanswellende spanning skilder.

Assirië tree op

In die ou geskrifte lees ons nogal dikwels van oorloë met Sirië, 'n lokale stryd met 'n nabygeleë buurman. Maar nou, in die profetiese geskrifte, tree Assirië op. Assirië met wêreldryk-aspirasies, want dit probeer om volk na volk en land na land te onderwerp en om ook die gode van die oorwonne volke aan sy gode ondergeskik te maak. Luister na die uitdagende woorde van die hoofadjutant van die koning van Assirië: "Moenie dat jou God op wie jy vertrou, jou mislei deur sy versekering dat Jerusalem nie in my mag oorgegee sal word nie. Jy het mos gehoor hoe die konings van Assirië die een land na die ander verwoes het. Sal jy dan vrykom? Kon die gode van die nasies wat deur my voorgangers uitgedelg is, hulle red: Gosan, Haran, Resef, die mense van Eden in Telassar? Waar is die konings van Hamat en Arpad, die konings van Sefarwajim, Hena en Awwa?" (Jes. 37:10-13)

Die opkoms van Babel

Maar Assirië verdwyn van die toneel en maak plek vir Babel. In Babel vind die wêreldryk-gedagte 'n verskriklike beliggaming. Babel is daarop uit om 'n wêreldryk te word en wil die ganse bekende wêreld van sy dae aan hom onderwerp, staatkundig sowel as godsdienstig. Dink maar net aan die geskiedenis van die beeld in die dal Dura (Dan. 3:1-2). In Babel beluister ons dan ook, in die mees onverbloemde vorms, die hoon van God en sy diens. Ja, dit waag selfs om die heilige bekere van die tempel van Jerusalem te gebruik vir sy wellustige brasserye. En dan gaan Babel te gronde en sink weg in die

vernietiging, om op sy beurt deur die Medies-Persiese ryk, met dieselfde wêreldryk-aspirasies, opgevolg te word.

Die dreuning van die Griekse en Romeinse ryke klink op

So kom en gaan die wêreldryke, die een na die ander. Ja, ook die dreuning van die Griekse ryk en selfs die van die magtige Romeinse wêreldryk word al in die verte gehoor. Die bouers van die wêreldryke was almal, sonder uitsondering, antigoddelike magte. Wel word hulle deur God gebruik in die vervulling van sy raadsplan, maar hulle strewe was altyd teen God. Hulle wil God nie dien nie, maar as nietige mense wil hulle vir hulself goddelike eer opeis en hulle as gode verhef. Maar dan kom hulle almal in die gerig en hulle ondervind die slaande hand van die Here. Die Egiptenare, op hulle beurt, leer verstaan dat hulle mense en nie gode is nie. Die koning van Tirus, die magtige handelstad aan die see, wat hom verhef asof hy God is, ondervind dat hy 'n nietige mens is, en niks meer nie. Die waansinnige hoogmoed van die heidendom bring hulle altyd tot godslasterlike uitsprake. Dink maar net aan Nebukadnesar, op die toppunt van sy mag, as hy uitroep: "Kyk net hoe groot is Babel! Deur my groot mag het ek daarvan 'n koningstad gemaak, tot my eer en roem." (Dan. 4:30)

En op 'n ander plek sê die koning van Babel in sy hovaardigheid en trotse waan hierdie godslasterlike woorde:

"Ek klim op hemel toe,
ek gaan my troon neersit
bokant die hoogste sterre,
ek gaan my plek inneem op die berg
waar die gode mekaar ontmoet,
ver in die noorde;
ek klim op tot bokant die wolke,
ek word soos die Allerhoogste self."

(Jes. 14:13, 14)

Maar dan is die goddelike bedreiging ook daar om 'n end aan sy mag te maak. Ja, al die bouers van die wêreldryke wou in hulle magsverheffing aan God gelyk word, maar hulle is tot in die hel toe neergewerp.

Die opkoms van kleinere magte

Rondom die opkomende wêreldmagte sien ons altyd 'n klompie kleinere magte wat in die gisting van die internasionale lewe van daardie tyd optree. Onder hulle is Edom en Moab en Sirië en Tirus, wat telkens om die beurt, op die haglikste tydstip, teen Israel optree, sonder om te besef dat die grootmoondhede hulle ook kan insluk. Hierdie optrede van die kleinere magte teen Israel is natuurlik uit winsbejag en magsuitbreiding, maar onder dit alles skemer tog deur die haat en die vyandskap teen die kerk en teen God.

Die afgesonderde lewe van Israel, te midde van die omringende volke, was vir hulle 'n gedurige bron van ergernis. Vandaar die vasberade pogings om Israel in sy geestelike bestaan te vernietig.

En jammer genoeg, hierin het hulle ook geslaag, want Israel as die Volksvergadering van die Here is 'n sondige volk wat besig is om te vermold en te ontaard. Sy begin haar te skaam vir haar afgesonderdheid; sy wil soos die ander volke wees; sy wil haar offerplekke oor die land versprei hê; sy wil ook haar sigbare voorwerpe van aanbidding hê. So raak sy naderhand uit haar geestelike afsondering en belewe dae van innerlike verval en vervreemding van God en sy diens. Hierdie toestande het dit vir die profete so uiters moeilik gemaak om op te tree.

HOOFSTUK 7

Op die rand van die vulkaan

Israel nader sy ondergang met rasse skrede

Van die sestien profete, wie se geskrifte in die Bybel vir ons bewaar gebly het, is daar waarskynlik net drie wat in die sogenaamde Tienstammeryk of die ryk van Israel gearbei het. Al die ander het in Juda opgetree. In daardie tyd was die Tienstammeryk magtig en voorspoedig. Sirië, die aartsvyand van Israel, was verswak en magteloos, terwyl Assirië, 'n later gevreesde vyand, nou nog só klein was dat hy vir Israel geen bedreiging ingehou het nie. Die handel het gebloei, die volk het in weelde gelewe en 'n gees van darteles onbesorgdheid, vrolikheid en goddeloosheid het hoogty gevier.

Inwendig was Israel ook bankrot. Die laer stande is verdruk en onderdruk. Die reg was verdraai en die rykes het in ongerymde mate hulle luste botgevier. Maar hierdie grenslose onbesorgdheid het 'n verskriklike bedreiging ingehou. Die ondergang het met rasse skrede genader.

Die klein, ongeagte Assirië het gegroei soos 'n seun wat alte gou grootman geword het, en sy leërs het Sirië bedreig. Maar solank Sirië egter staande kon bly en die Assiriese aanslae kon afweer, het Israel niks te vrees gehad nie, maar die gevaar was dat as Sirië sou swig, Israel elke oomblik die vyandige Assiriese leërs voor die poorte van Samaria kon verwag. Israel het as't ware op die rand van die vulkaan gelewe sonder dat hulle dit geweet het.

In hierdie tyd het die profete begin optree... Amos, Hosea, Jona, 'n ganse ry getuies. Amos verkondig die ondergang van die volk vanweë die sosiale misstande, die wellus van die rykes met hulle oordadige drinkpartye, regteloosheid en sedeloosheid. Hosea lê die nadruk op die afval deur Israel van God. Hy gebruik daarby die beeld van 'n huwelik, en stel Israel voor as die vrou wat ontroou geword het aan haar man. In sy gerigs aankondiging beluister mens egter ook hartroerende woorde van troos en liefde en beloftes van ontferming en genade vir almal wat wil drink uit die fontein van heil.

Die optrede van Jesaja; hy voorspel die vrederyk van die Messias

Dan kom Jesaja. Hy open die lang ry van profete wat in Juda gearbei het. Jesaja worstel met allerhande vraagstukke en probleme. In sy tyd word die koninkryk van Juda bedreig deur Sirië en die Tienstammeryk, wat saam 'n bondgenootskap teen Juda aangegaan het. As die koning van Juda dan 'n bondgenootskap met Assirië wil aangaan, moet Jesaja daarteen waarsku, en die volk voorhou dat God Assirië sal gebruik as 'n tugroede van sy toorn om Juda te kasty. In sy profetiese geskrifte betrek hy ook ander volke en nasies en hy voorspel hoe die een volk na die ander onder die goddelike gerig sal kom. Maar te midde van al hierdie onheilsprofesieë verkondig Jesaja ook in die teerste bewoording die vrederyk van die Messias. Luister na die volgende: "Die volk wat in donkerte geleef het, het 'n groot lig gesien, oor die wat in die donker land was, het 'n lig geskyn."

U het die wat nie meer 'n nasie was nie,
baie gemaak,
hulle blydskap groot gemaak.
Hulle het hulle in u teenwoordigheid verbly
soos mense bly is in die oestyd,
soos hulle juig wanneer hulle
die buit verdeel.

Vir ons is 'n Seun gebore,
aan ons 'n Seun gegee;
Hy sal heers en Hy sal genoem word.
Wonderbare Raadsman,
Magtige God,

Ewige Vader,
Vredevors.

Sy heerskappy sal uitbrei, en Hy sal vir altyd vrede en voorspoed bring. Hy sal op die troon van Dawid sit en oor sy koninkryk regeer. Hy sal die koninkryk vestig en in stand hou deur reg en geregtigheid, van nou af en vir altyd. Daarvoor sal die onverdeelde trou van die Here die Almagtige sorg. (Jes. 9:1, 2, 5, 6)

Jesaja oor die Heiligheid van God

Wat ons by Jesaja veral tref, is die oorweldigende indruk wat hierdie profeet van die heiligheid van God ontvang het. In sy roepingsvisioen, soos beskryf in hoofstuk 6, word met die grootste nadruk en eerbied oor die heiligheid gespreek. Hy hoor hoe die engele, of serafs mekaar toeroep: "Heilig, heilig, heilig is die Here die Almagtige! Die hele aarde is vol van sy magtige teenwoordigheid." Daardie moment het op sy lewe 'n allesbeheersende indruk gemaak. Van daardie oomblik af besien hy met 'n beangstigende helderheid die valse spel wat die heidendom met God speel deurdat hulle onder die valse voorwendsel om die Here te dien, Hom in werklikheid na onder trek en van Hom, met eerbied gesê, 'n speelpop maak van hulle eie hoogmoedige egoïstiese verlangens en begeertes. Met vlymskerpe en niks-ontsiende felheid slinger hy sy eie volk die aantying teen die hoof dat hulle, net soos die heidene, besig is om God aan te rand en te verneder, in plaas daarvan dat hulle God vereer en Hom dien. In die tweede gedeelte van hierdie lang profetiese geskrif van Jesaja, wat met hoofstuk 40 begin, is die oordeel voltrek en sit die volk alreeds in ballingskap in Babel.

Ter verduideliking wil ek hier net daarop wys dat hoofstukke 40 tot 66 handel oor die tyd toe Juda in ballingskap was, ongeveer een en 'n halwe eeu na die tyd van die profeet Jesaja. In hoofstukke 40 tot 55 maak die profeet aan sy volk die blye boodskap van die redding uit die ballingskap bekend, en in hoofstukke 56 tot 66 skets hy die hoop vir die toekoms. (Sien ook die Inleiding op Jesaja in die Nuwe Vertaling, 1983.)

In hoofstuk 40 sing hy 'n lied, 'n hymne op die heerlijkheid van God, só aangrypend en só verhewe, só wonderskoon in sy taalvorm, dat dit, taalkundig gesien, tot die allerontroerendste gedeeltes uit die wêreldliteratuur gereken word. Ek gee u 'n paar verse uit hierdie 40ste hoofstuk (verse 1, 2, 5-11, 15, 26):

Die uitkoms is hier!
Die uitkoms is hier!
Dit, sê julle God, moet julle vir my volk sê.
Bring vir Jerusalem die goeie tyding,
sê vir hom
sy swaarkry is verby,
hy het geboet vir sy sonde,
hy het van die Here
die volle straf ontvang
vir al sy sondes.

Dan sal die mag van die Here
geopenbaar word;
al wat leef sal dit sien.
Die Here self het dit gesê.
Iemand sê: "Roep!"
En ek vra:
"Wat kan ek roep?
Alle mense is soos gras,
alles waarop hulle staatmaak,
is soos 'n veldblom:
gras verdor en blomme verwelk
as die Here sy wind
daaroor laat waai."

Dit is so, die volk is soos gras.
Gras verdor en blomme verwelk,
maar die woord van ons God
bly vir ewig.

Klim op 'n hoë berg en roep hard, Sion,
jy wat die goeie tyding moet bring;
roep hard, Jerusalem,
jy wat die goeie tyding moet bring,
moenie bang wees nie.

Sê vir die stede van Juda:

Julle God is hier!

Die Here God kom,

Hy is die Magtige, Hy regeer.

Hy bring die volk saam

wat Hy syne gemaak het,

die wat aan Hom behoort,

is by Hom.

Soos 'n herder versorg Hy sy kudde:

die lammers maak Hy bymekaar

in sy arms

en Hy dra hulle teen sy bors,

Hy sorg vir die lammerooie.

Die nasies is vir Hom

soos 'n druppel aan 'n emmer,

soos 'n stoffie op 'n skaal.

As Hy die eilande op 'n skaal sit,

is hulle soos stofdeeltjies.

Kyk op na die hemel:

wie het die sterre geskep?

Hy wat die hemelse leër laat uittrek

in hulle volle getal,

dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het.

Met sy groot krag, sy groot mag,

sorg Hy dat geeneen van hulle

ontbreek nie.

Wie God só gesien het, só groot, só verhewe bo alle skepsele, kan vir niemand behalwe God, meer bevrees wees nie, kan hom vir niemand behalwe God die Here neerbuig nie.

As ons nou Jesaja verder deurblaai, slaan die toon van die loflied oor in liedere van wonderlike troos en bemoediging. Dit is ontroerende liedere oor die lydende Kneg van die Here, wat vir ons hoe langer hoe meer die duidelike figuur van Jesus aanneem. Hierdie tweede deel van die profesieë van Jesaja word daarom ook baie maal die Evangelie van die O.T. genoem.

Ander profete tree op

Ons blaai verder deur en kom by Miga, 'n tydgenoot van Jesaja, wat hoofsaaklik in Jerusalem opgetree het. Ook by hom kry ons die donker, swaar oordeelsaankondiging, afgewissel met hoopvolle heilsbeloftes. Dan volg Sefanja en Habakuk wat weer worstel met die ryksgedagte en die probleem waarom die Here nou juis die heidense Babel moet gebruik om sy bondsvolk te tugtig. Maar as troue diensknegte van die Here kom hulle nie in opstand nie, maar gee hulle in vertrouwe oor aan God, wetende dat Hy alles weer goed sal maak.

Jeremia 'n kragfiguur

Jeremia is 'n ander kragfiguur uit die worsteltydperk. Hy het opgetree in die laaste jare,

in die jare nét voor die ballingskap, toe die oordele van God oor volk en land aangebreek het, en so het hy dus daardie skokke en spannings in homself opgevang. Daar is nie 'n enkele profeet in die O.T. van wie se persoonlike omstandighede en lotgevalle ons soveel weet as van Jeremia nie, en daar is seker nie een onder al die profete wat soos hy vervolgd, vertrap en belaster is nie. Met ligvaardige optimisme het die volk hulle teen die aankondigde oordele verset, want hulle wou daar niks van weet nie. Hoe dringender en hoe ernstiger hy waarsku en hoe meer hy beklemtoon en benadruk dat die oordele alreeds losgebars het, des te ernstiger het die volk hulle teen hom vergryp en hom mishandel.

Maar Jeremia het nie teruggedeins nie en het onverskrokke sy boodskap gebring. Maar dieselfde Jeremia wie se lewe so vol bitterheid was, is eienaardig genoeg, ook die profeet wat sulke heerlike beloftes van die skone toekoms voorspel het, want, ná die ondergang en ballingskap, ná die verwoesting van Jerusalem, sien hy 'n heerlike toekoms en sê: "Daar kom 'n tyd, sê die Here, dat Ek met Israel en Juda 'n nuwe verbond sal sluit. Ek sal my woord op hulle harte skryf en dit in hulle harte vaslê. Ek sal hulle God wees en hulle sal my volk wees. Ek sal hulle oortredings vergewe en nie meer aan hulle sondes dink nie." (Jer. 31:31, 33 en 34)

'n Sekere skrywer beweer dat die feit dat soveel van die persoonlike belewenisse van Jeremia vir ons in die Bybel beskryf word, net een bedoeling kan hê, nl. dat God ons deur hierdie man wil toon dat Hy ons ten volle opeis vir sy diens en dat ons niks van ons eie geluk en plesier mag agterhou nie en dat Hy ons tot niks anders as tot nederige diens wil roep nie. Die lydensweg van hierdie eensame boetgesant herinner ons in baie opsigte aan die lydensweg wat Jesus Christus self eenmaal sou moes bewandel. ..

Ons blaai verder en kom by Esegïel, die profeet weggevoer in ballingskap, wat daar in Babel die laaste bietjie hoop van die Jode, wat nog altyd gehoop en vertrou het dat Jerusalem nie heeltemal verwoes sal word nie, aan hulle moet ontnem, want soos die geskiedenis ons leer, is Jerusalem heeltemal verwoes. Maar hy ontvang ook die heerlike tempelvisioen waarin die priesterlike skoonheid van die stuk in so 'n verhewe uitbeelding aankondig word.

Daniël

Dan kom ons by Daniël. Hy was een van die jong prinse uit Israel, 'n knaap van omtrent 14 of 16 jaar oud toe hy as krygsgevangene weggevoer is na Babel. Hy staan in die ballingskap, en in sy profesieë beluister ons die ryksgedagte in al sy verskriklikheid, maar ook in sy heerlikheid. Duidelik laat Daniël sien hoe die Messias self eenmaal die Ryk van Vrede sal bou, 'n vrederyk wat tot in ewigheid sal bestaan. Dan verander die toneel opeens ... 'n Klein groepie Jode het teruggekeer na Jerusalem om daar onder die moeilikste omstandighede 'n nuwe kerk en 'n nuwe volk op te bou. En nou stuur God ook sy profete Haggai, Sagaria en Maleagi om hierdie bouers van 'n nuwe kerk en nasie te bemoedig en te sterk.

So het hierdie profete van die O.T. geworstel met die probleme van hulle tyd. Sonder uitsondering het dit by hulle almal gegaan oor die gerig en verlossing, oor die komende Messias en die oordeel van God wat aan die einde oor die wêreld sal kom...



Die Openbaring van Johannes

Ons het nou die boeke van die profete van die O.T. behandel, maar daarmee is ons nog nie aan die einde van die profetiese boeke nie. Daar is nog een profetiese geskrif, ook wel 'n apokaliptiese boek genoem, wat ons aandag vereis, die laaste boek van die N.T., nl. die Openbaring van Johannes. Die profetiese boeke van die O.T. is geskrywe voor die koms van Christus op aarde en die boek van die Openbaring ná Christus se koms op aarde.

'n Boek van 'n geheel ander orde

Hierdie feit stempel hierdie laaste profetiese of apokaliptiese boek dan ook tot 'n geskrif van 'n geheel ander orde as die van die ou profete. Dit wil egter nie sê dat hierdie boek nie by die profetiese geskrif te aansluit nie, want ons kry hier dieselfde simboliese gestaltes, ons word getref deur dieselfde diepsinnige werklikhede en misterieuse aanduidinge, maar Johannes het, om dit so uit te druk, op 'n ander platform gestaan. Hy het onder die kruis gestaan en hy het die opgestane Heiland in die oë gekyk. Die ou profete daarenteen het dit slegs in sienersvergesig aanskou.

Johannes sien alles skerp en direk op Christus saamgetrek; hy sien Christus in sy onvergelyklike majesteit staan, bo alles wat hier op aarde gebeur. Hy sien hoe Christus die wêreldgebeurtenisse so lei en bestuur dat alles verloop na God se ewige voorneme. By die afwikkeling van die plan blyk in die eerste plaas dat die menslike vermoë toeneem, word vrede en veiligheid nie groter en sekerder nie, maar die lyde neem juis in omgekeerde mate toe. In hierdie profesieë is alles op die einde gerig. Die mens klim op tot die hoogste sport, hy word deur-en-deur magtig, maar ook deur-en-deur demonies en wreed. Sy tegniese bekwaamheid bereik 'n hoogtepunt, maar sy sedelike verval daal af tot 'n vreeslike dieptepunt.

Die laaste hoofstukke van hierdie wonderlike boek vloei weg in 'n toon van kalme rus en heilige ontroering. Vir 'n oomblikkie word ons weer na die paradys teruggevoer en ons sien weer die boom van die lewe. Die onweer van die wêreldgeskiedenis het nou verbygetrek en dit is alles lig, want God is die Lig wat alle lewe vul, wat alles wat bestaan deurtrek en deurglans. Hier word vir ons 'n heerlikheid geteken wat nie onder woorde gebring kan word nie, 'n heerlikheid wat by ons die heimwee en die hunkering opwek na die ander wêreld waar geen dood en droefheid en geweën en moeite en ellende meer sal wees nie omdat God die trane van hulle oë sal afvee.

Die eerste dinge het verbygegaan!

Dit het alles nuut geword!

HOOFSTUK 8

Die hart van die Heilige Skrif

Met die deurblaai van die Bybel het ons nou tot by die N.T. gekom. Die N.T. begin met vyf boeke wat ons weer geskiedkundige boeke kan noem, omdat hulle vir ons geskiedenis vertel. Vier van hulle is vir ons bekend as die Evangelies; die vyfde is die Handeling van die Apostels volgens die beskrywing van Lukas.

Hierdie boeke neem 'n heel besondere plek in die Bybel in, en vorm in meer as een opsig die hart van die Heilige Skrif. Die O.T. is deurgaans belofte en profesieë en gee 'n aanduiding van dinge wat nog moet kom. Alles wys heen na die Groot Profeet wat sou kom, wat in Deut. 18:15 met hierdie woorde aangekondig word: "Die Here jou God sal 'n profeet onder jou na vore laat kom, een van jou volksgenote. Hy sal soos ek wees. Vir hom moet jy gehoorsaam."

Die vervulling van die belofte

In die tyd van die N.T. is die godsdienstige lewe van die Joodse volk rondom die tempel te Jerusalem gekonsentreer. Hierheen het die volk in hulle duisendtalle gedurende feestye gestroom om rus te vind vir die hart en lafenis vir die vermoeide siel. Vir die tempel het hy gelewe en vir die tempel was hy bereid om te sterwe. Op die maatskaplike gebied was dit egter haglik gesteld. Die Joodse volk was nie meer 'n vrye volk nie, maar het gebuk gegaan onder die oorheersing van die Romeinse keisers en onderling was die volk verdeel in twistende politieke partye.

Aan so 'n volk en in so 'n wêreld moes Jesus sy boodskap bring.

In die eerste vyf boeke van die N.T. kry ons nou die beskrywing van die vervulling van hierdie beloftes. Neem hierdie vyf boeke uit die Bybel weg en die hele Skrif sal sy sin en karakter vir u verloor. Die Evangelies verleen aan die Bybel daardie sterk werklikheidskarakter wat vir ons geestelike lewe so beslissend is. Die Evangelies beskryf vir ons dat alles werklik plaasgevind het. In die Evangelies word vir ons die plek en die datum van die gebeurtenisse meegedeel en selfs ook die name van die historiese persone wat destyds opgetree het.

Onder al die godsdienste van die wêreld is daar geen enkele godsdiens waar die historiese gebeurtenisse so 'n sentrale en allesbeheersende plek inneem soos in die Christelike geloof nie. Met die feit van die vleeswording, die kruis, die opstanding en die hemelvaart staan of val alles.

Ek is nie van plan, en dit is ook nie nodig nie, om in hierdie hoofstuk die hele inhoud van die eerste vyf boeke van die N.T. in sy onmeetlike rykdom van gedagtes weer te gee nie. Ons sal dit maar in 'n paar breë trekke gee. Dit is opvallend dat die lewe van Christus in die Evangelies beskryf word as die vervulling van 'n program wat vooraf aangekondig is. Dit word gestaaf deur die gedurige gebruik van die woord *moet*. Gedurig lees ons van die gedwonge handeling, dinge wat gebeur en gedoen word omdat dit vantevore so voorspel was. Dit gee aan die Evangelies 'n eienaardige gespannenheid ... die dinge haas hulle na 'n bepaalde einde wat al vantevore vasstaan. Tog kom daar vir ons niks onnatuurliks in voor nie. Dit is nooit so dat 'n mens as't ware 'n film voor jou oë sien afrol waarin die verskillende mense 'n rol speel nie. Nee, alles bly natuurlik, vol lewe en spanning tot die einde toe. Die persone wat optree, doen wat van hulle verlang word en tog is hulle nooit van hierdie heersende *moet* bewus nie! Hulle handel volgens die impulse van hulle eie hart en weet nie eens dat hulle opgeneem is in daardie goddelike plan wat daar ten opsigte van Jesus moet gebeur nie. Die mense behou ook almal hulle verantwoordelikheid; dit is hulle self wat die groot dinge volbring, al is hulle daarin almal skakels in die heilsgebeurtenisse wat God vasgelê het.

Jesus se lewe, stappie vir stappie

Jesus het op een geleentheid daardie diepsinnige woorde uitgespreek: "Hoe jammer tog

vir die wêreld dat daar dinge is wat die mens afvallig maak! Sulke dinge kom noodwendig, maar wee die mens deur wie dit kom." (Matt. 18:7) Die dinge wat moet gebeur, gebeur dan ook, maar dit hef die aanspreeklikheid van die mense wat dit doen, nie op nie. So kry ons dan die lewe van Jesus stappie vir stappie uitgeteken. Rondom Hom en teenoor Hom is dit een magtige lewendige handeling, vol haat en bitterheid, laster, verraad en jaloersheid, en daarin staan Jesus, Hy, wat daardie groot onafwendbare gebeure moet deursien en waaronder sy handelinge en optrede tot die einde toe vol innerlike spanning bly. Onder alles wat gebeur, word nooit 'n rol gespeel nie. Dit is nie soos 'n les wat vooraf ingestudeer is en nou opgesê word nie. Nee, elke handeling, elke moment is vol aangrypende intensiteit en waarheid.

Oppervlakkig beskou was die lewe van Jesus glad nie die vervulling van wat die ou profesieë aangaande die Christus voorspel het nie. Baiemaal het hulle die Christus voorgehou as iemand wat sou kom met heerlikheid en mag, een wat koninkryke aan hom sou onderwerp en wat self 'n magtige ryk sou stig. Die Christusgestalte in die O.T. word vol koninklike waardigheid geteken, maar hierdie beeld is glad nie in ooreenstemming met die nederige gestalte waarin Jesus op aarde verkeer het nie.

Die apostels het met hierdie ongelykheid ook hulle moeilikhede gehad. Baiemaal is hulle in hul verwagtings oor Jesus teleurgestel, baiemaal wou hulle Hom tereg wys en berispe, hulle het aanmerkings oor sy werk gemaak, maar ten spyte van dit alles het hulle Hom lief gehad en diep onder die indruk van sy bemenslike grootheid gekom en hulle het tot die einde toe by Hom gebly. Eenmaal by Hom, kon hulle Hom nooit weer loslaat nie, en toe Jesus hulle eendag die pertinente vraag stel of hulle nie liever wou weggaan nie, was hulle antwoord: "Nee, na wie toe sal ons gaan?"

Wantoestande in Israel

In die dae van Jesus het Israel in 'n besondere toestand verkeer. Dit was nie meer 'n selfstandige ryk nie, maar 'n provinsie van die magtige Romeinse wêreldryk. Die toestand van die Joodse volk in hierdie tyd was haglik. Die Romeinse juk het swaar gedruk en die sinlose stryd tussen die verskillende volkspartye het die volk tot 'n bespotting onder die nasies gemaak. Dit het allerhande omstandighede meegebring wat diep in die lewe van Jesus ingegryp het. Onder Israel was korrupsie en bedrog op groot skaal in swang. Baie Jode het met die Romeinse oorheersers gemene saak gemaak. Die owerpriesters en skrifgeleerdes was altyd daarop uit om die Romeinse goewerneurs met allerhande listige sette, met geldlenings en bangmakery aan hulle te verbind.

As ons die Evangelies deurlees, kry ons nie 'n alte gunstige indruk van die regspraak soos dit toe in swang was nie. In so 'n deur-en-deur verdorwe wêreld moes Jesus sy werk volbring. Tog is dit duidelik dat God hiermee 'n bepaalde plan gehad het.

Die wêreld waarin Jesus geleef en gewerk het, moes 'n afspieëling wees van die menslike lewe soos dit in homself was, voos en hol en leeg. Verder gaan dit in die regsgeeding wat met Jesus gevoer is, nie net oor Israel en Jesus nie, maar agter Jesus doem die hele Romeinse Ryk op. Daardie groot wêreldryk wat soveel talryke volke omspan het, is hierby in aksie en spalk Jesus aan die kruis. God het dit so gewil om daardeur baie duidelik te laat blyk dat die hele wêreld daarin betrokke is en nie net Rome en Israel nie.

Die Jode in Jesus teleurgestel

Ons word ook getref deur die feit dat die Jode in Jesus teleurgestel is. In hulle onbegrensde drang na vryheid het hulle van Jesus verwag om hulle van die juk van die Romeine te bevry. Hulle het nie uitgesien na geestelike bevryding en innerlike lewensvernuwing nie, maar na politieke vryheid, uitwendige mag, welvaart en oorvloed. As gevolg hiervan het die wonders van Jesus ook geen blywende indruk op die volk gemaak nie.

Wel het hulle, veral in die begin, in hulle duisendtalle agter Jesus aangeloop; Wel het hulle Hom van stad tot stad gevolg en orals sy koms versprei, maar innerlik verander

hulle tog nie. Hulle volg Hom, maar word geen dissipels nie. Sodra Jesus egter die 5 000 mense met 'n paar brode spysig, verander alles opeens! Nou is hulle een-en-al belangstelling. Hulle opgewondenheid en entoesiasme ken geen perke nie. Nou het Hy mos getoon waartoe Hy in staat is. Nou wil hulle Hom met geweld neem en koning maak. Nou moet daar dinge gaan gebeur.

Nou moet Hy die leiding van die volksbeweging op Hom neem. Die uur van bevryding het aangebreek! Maar Jesus trek Hom tot almal se groot verbasing en teleurstelling heeltemal terug en gaan gewoon sy gang; Hy maak siekes gesond, Hy is altyd bereid om iedereen te help wat na Hom toe kom, en Hy bring van dag tot dag sy boodskap van heil en verlossing aan die wat wil luister. Die skares is egter teleurgestel en draai hulle rug op Jesus om saam met die Fariseërs en skrifgeleerdes, wat die godsdienstige en politieke leiers van die Joodse volk was, Jesus se ondergang te soek en nie te rus voor Hy aan die kruis hang nie.

In die lewe van Jesus gebeur niks toevallig nie

Dit is duidelik dat die wêreld waarmee Jesus te doen het nie toevallig so saamgestel was as wat dit was toe Jesus op aarde was nie. God het hierdie dinge so bestuur dat die groot kragte wat die wêreldgeskiedenis van die begin af beweeg het, hulle rondom Jesus in al hul vreeslikheid moes vertoon. Daar is niks rondom Jesus wat toevallig is nie. In die lewe van Jesus is geen bykomstighede nie; daar gebeur niks toevalligs nie; alles wat met Hom gebeur, moet so wees omdat God dit só en nie anders gewil het nie.

As mens die Evangelies vir die eerste maal lees, is die indruk dat die lewe en werk van Jesus op 'n mislukking uitgeloop het. Maar dit is nie so nie. Die lewe van Jesus, sê 'n sekere skrywer, is van 'n kristalheldere suiwerheid en waaragtigheid. Dit kan in die een woord "Liefde" saamgevat word. In sy bewoënheid oor die skare is geen sweem van sentimentaliteit nie; in die tekens wat Hy doen, is niks van 'n sug na sensasie nie; in sy toorn is niks van geprikkeldheid nie; in sy optrede voor die volk is niks van slapheid of selfsugtigheid nie. Hy is streng teen die mense, ook teen sy eie dissipels, maar nooit hard nie, altyd vol tere besorgdheid en hulpvaardigheid. Hy is reguit in sy gesprekke, maar nooit grof en beledigend nie en nooit met wrok vervul nie. Sy woorde is suiwer en rein en mens voel onmiddellik dat God self agter daardie woorde staan. Sy toorn is niks anders as die toorn van God nie en sy ontferming is God se ontferming. In hierdie deur-en-deur verdorwe wêreld het Jesus soos 'n eensame sy koninklike gang gegaan. Bo die mensegekonkel uit het Jesus in elke werk die Vader gesien wat die groot lyding oor Hom gebring het. Hy sien die Vader wat Hom roep en deur die Evangelies heen sien ons die aanswellende sekerheid dat die lyde en sterwe van Jesus Christus die magtige wêreldomspannende daad was waardeur God die wêreld met Hom versoen het.

HOOFSTUK 9

Die boeke van die Evangeliste

Dit sal die moeite loon om nou die vyf boeke van die evangeliste, nl. die Evangelie-beskrywinge en die Handeling van die Apostels in oënskou te neem.

Matteus, die brugbouer tussen die Ou Testament en die Nuwe Testament

Ten eerste dan die Evangelie soos beskrywe deur Matteus. As rede waarom die Nuwe Testament met die Evangelie van Matteus begin, word deur een skrywer aangevoer dat hy met die skryf van sy Evangelie dit aan sy Joodse volksgenote baie duidelik wil stel dat met die koms van die Here Jesus Christus al die Ou Testamentiese profesieë aangaande die verwagte Messias vervul is. Met nadruk verklaar hy dat Jesus Christus die Seun van die lewende God is. Hy beskou Matteus as die brugbouer tussen die twee Testamente. Behalwe hierdie bevestiging word in hierdie Evangelie geworstel met die konings-ideale van Israel uit die ou-ou tyd wat nou in 'n verpolitiseerde en verwêreldlikte vorm voortgeleef het. Dit is verstaanbaar want Israel was immers lankal 'n Romeinse kolonie en die hele Israel het verlangend uitgesien na die dag waarop dit weer 'n vrye selfstandige volk sou wees met sy eie koning. Hoewel al die profete van ouds ook uitdrukking aan die koningsgedagte gegee het, was dit vanselfsprekend in geestelike sin, (dink maar aan Jesus se lang uitsprake oor die koninkryk van die hemel) maar nou, onder die Romeinse oorheersing, was die dweepsieke, fanatieke, na vryheid-verlangende Jode geneig om daar 'n politieke en militêre betekenis aan te heg, in teëstelling met die geestelike bedoeling wat die profete daarmee gehad het.

Matteus wil ons laat sien dat daardie Ou Testamentiese beloftes op 'n heilige, goddelike wyse in vervulling gekom het met die geboorte van Jesus Christus. In die eerste hoofstuk beklemtoon hy alreeds sy reg op die troon van Israel. As hy daarna beskrywe hoe heidense sterrekykers, die bekende wyse manne uit die Ooste, na Jerusalem kom om die gebore Koning van die Jode te huldig, is dit 'n bedekte aanduiding van die onkunde en ongeloof waarin Israel by monde van sy leiers geleef het, terwyl buite Israel om reeds 'n opvallende verwagting van die koningskap merkbaar was. Die geskiedenis wat hierop volg, is 'n verdere bydrae om die koningskap van Christus en sy wese beter te verstaan.

Johannes die Doper sinspeel ook daarop as hy sê dat Christus, wanneer Hy kom, sy dorsvloer deur-en-deur sal skoonmaak; waarmee hy bedoel dat Israel radikaal met sy verwêreldlikte konings-ideaal sal moet breek. In die versoeking in die woestyn wys Jesus self met nadruk die verwêreldlikte konings-ideaal af.

Die bergrede en ander uitsprake oor die koninkryk van die hemel

In aansluiting by hierdie geskiedenisse gee Matteus ons die bergrede uitvoerig, hoewel verskillende gedeeltes daarvan vermoedelik eers later deur Jesus uitgespreek is.

Die bergrede, soos weergegee in hoofstukke 5-7, is die grondwet van die koninkryk van die hemel soos Jesus dit sal bring. Hierdie koninkryk staan in sy wese en doelstelling lynreg teenoor die Joodse konings-ideale. Die wonders wat in hoofstukke 8 en 9 verhaal word, verklaar ook iets van Jesus se koningskap wat die hele wêreld omspan, 'n koninkryk waaruit duiwels geban word en die dood sy mag verloor. In die diepste wese is dit die heil van God aan 'n verlore wêreld, maar dit is nie wat Israel verwag het nie. Hulle het aardse eer en glorie verwag, vandaar die teëstand en groeiende verzet teen Jesus wat by die dag toeneem; vandaar ook dat Jesus nou sy onderwys in 'n ander vorm giet, en Hom toespits op gelykenisse. In die 16de hoofstuk kom dit tot 'n klimaks. Jesus maak Hom nou los van die skares en bepaal Hom tot sy dissipels en berei hulle gaandeweg voor vir die geheim van sy lyde en sterwe.

Eenmaal lyk dit werklik asof Jesus ondanks alles tog as koning oor die volk aangeneem sal word. Dit was daardie dag toe hulle Hom met groot gejuig en uiterlike vreugdebetoon

in Jerusalem verwelkom het. Die beweging het egter geen diepte gehad nie, want kort daarna weerklink die verfoeilike: "Kruisig Hom! Kruisig Hom!" en word Hy aan die kruis gespalk. Matteus eindig sy boek met die beskrywing van die Koningsverskyning op 'n berg in Galilea, waar die opgestane Heiland vir sy dissipels sê: "Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde. Gaan dan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels: doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het. En onthou: Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld." (Matt. 28:18-20)

As ons hierdie boek rustig en aandagtig deurlees, sal ons merk dat dit een deurlopende pleidooi vir die waaragtige koningskap van Christus is.

Markus en die magsdade van Jesus

By Markus kry ons 'n ander weergawe van die Evangelie. Hy lê hom toe op die beskrywing van die magsdade van Jesus en haal feitlik geen redevoeringe aan nie. Markus het Jesus gesien as die Here en Magsdraer van 'n gans ander orde as enige ander gewone mens, en hy teken ons die verhevenheid en grootsheid wat in al sy dae uitstraal. As dit waar is dat Markus sy Evangelie vir die Romeine geskryf het, moet ons dit opvat in die sin dat hy dit stel in 'n taal wat die Romeine verstaan. Dan gaan dit nie om mooi woorde nie, maar om kragtige dae. Markus lê alle nadruk op die verwondering, ontsetting en verbystering vir die magtige dae van Jesus. Selfs sy eie dissipels is vreesbevange, want in hoofstuk 4:41 lees ons: "Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê: 'Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom gehoorsaam?'"

Hierby kom die verskynsel van gejaagdheid, en die haas wat in die optrede van Jesus uitkom. Hy doen alles "dadelik", Hy gaan dadelik êrens heen, daar is geen tyd wat verlore gaan nie, dit is asof alles voortjaag na 'n bepaalde einde.

Jesus van Nasaret 'n magtige held

Dikwels word in die Evangelie van duiwels en demoniese magte verhaal en hoe hulle in baie gevalle lank voor die mense die bonatuurlike majesteit van Jesus aanvoel en Hom smee om hulle tog nie dadelik te veroordeel nie. Baie van die geskiedenis wat Matteus verhaal, vind ons ook by Markus, maar Markus lê die nadruk op ander dinge as Matteus. In teëstelling met Matteus is hy feller in sy veroordeling van die ongeloof van die Jode en verdraagsamer in sy oordeel oor die heidene. Markus laat ons duidelik sien dat in daardie eenvoudige gestalte van Jesus van Nasaret 'n magtige Held voor ons staan, vir wie alle andere magte en kragte moet wyk. Selfs in sy sterwe word nog iets van daardie ondeurgrondelike majesteit openbaar, sodat 'n Romeinse offisier in ontsetting moet uitroep: "Hierdie man was werklik die Seun van God." (Mark. 15:39)

Die Evangelie van Johannes

Hoewel die Evangelie volgens Lukas in ons Bybel onmiddellik op die van Markus volg, en Johannes laaste kom, wil ons 'n uitsondering daarop maak en eers Johannes behandel en daarna Lukas, omdat ons die twee boeke van Lukas saam wil vat in die voortgang van die werk van Jesus op aarde.

Die Evangelie volgens Johannes neem 'n heel besondere plek in ons Bybel in. By Johannes kry ons dieselfde Jesus, dieselfde magtige, liefdevolle lydende Koning as by die ander evangeliste, maar die toon is anders, die beligting van Jesus se optrede is so heeltemal verskillend as by die ander skrywers. Johannes wil benadruk dat alles uitgaan van God en dat alle teëstand teen Jesus niks anders as teëstand teen God is nie. Daarom lui hy sy beskrywing in met die diepsinnige uitspraak: "In die begin was die Woord daar, en die Woord was self God. Hy was reeds in die begin by God. Die Woord het mens geword en onder ons kom woon." (Joh. 1:1, 2, 14) So motiveer hy dat elke daad wat Jesus doen, elke woord wat Hy praat, elke gebaar wat Hy maak, elke teken, elke uiting van toorn of genade, van liefdevolle ontferming, elke wonder wat Hy doen, dat dit alles deurskynend is van God. God self is daarin, en God self doen dit deur Christus. Die

Vader gee Hom die tekens, die Vader sê Hom wat Hy moet sê. Vandaar dan ook die uitspraak van Christus: "Wie My sien, sien die Vader" (Joh. 14:9). Daarom, wie hom aan Christus vergryp, vergryp hom aan God. Wie Christus verwerp, verwerp God, en wie Christus aanneem, neem God aan.

Die kruis het 'n huiweringwekkende betekenis

Soos Johannes dit sien, het al die gebeurtenisse in die heilsgeskiedenis iets skaduagtigs; elke ding wys heen na iets anders, alles het op een of ander manier sy uitgangspunt en sy einde in God! So gesien, het die kruis vir Johannes 'n huiweringwekkende betekenis. Hy kan dit nie van hom afskud nie en wy twee volle hoofstukke aan die gebeurtenisse van die kruis. In die wêreldgeskiedenis het al onnoemlik veel gebeur en dit kom alles neer op die een punt dat ons almal saam daardie kruis geplant en die Woord daaraan vasgespyker het, want die mense het die duisternis liever gehad as die lig en hulle het die leuen bo die waarheid verkies. In die kruis sien Johannes dan die verskriklikste gebeurtenis wat ooit gebeur het, maar hy sien ook hoe die Vader daarin die peillose diepte van sy versoenende liefde en genade openbaar, want agter daardie kruis staan niemand anders as God self nie!

Die boeke van Lukas

En nou 'n paar woorde oor die boeke van Lukas. Van Lukas, soos u weet, het ons twee boeke in ons Bybel, 'n Evangelie en die Handeling van die Apostels. Hierin handel hy volgens sy eie getuienis oor alles wat Jesus gedoen en geleer het. In die Evangelie gaan dit oor wat Jesus self gedoen en gesê het. In die Handeling gaan dit oor wat Jesus ná sy opstanding en hemelvaart deur middel van sy apostels gedoen en gesê het.

Lukas was afkomstig uit 'n ander wêreld, uit 'n groot hellenistiese gemeenskap en het eers op later leeftyd met die boodskap van Christus in aanraking gekom. In sy jeug het hy die heidendom geken en hy het die heidense lewe van naby beskou. Toe hy op later leeftyd met die leer van Jesus in aanraking gekom het, is hy getref deur die ander wêreld wat daardeur vir hom oopgegaan het. In Palestina het hy uit die mond van almal wat toe nog in lewe was, baie sorgvuldig neergeskrywe alles wat hulle hul van Jesus herinner het, en so het hy sy boeke geskrywe. Die geboorte van Christus word tot in die kleinste besonderhede in sobere, skilderagtige bewoordinge beskrywe.

As Lukas oor die optrede en die werk van Christus skryf, is hy kennelik deur ander dinge as die ander evangeliste aangegryp. Op Lukas, wat uit die heidendom afkomstig was, moes dit 'n onuitwisbare indruk gemaak het dat Jesus, in teëstelling met die heidense godeleer, waar die gode as hardvogtig en meedoënloos voorgestel word, 'n God toon wat vol medelyde en barmhartigheid, hulpvaardig en vol liefde sy hande uitsteek na 'n verwronge wêreld, om dit te verlos. Hy teken Jesus se optrede en lewe op aarde as één magtige betoning van liefde en genade. Met 'n sekere voorliefde staan hy daarom breedvoerig stil by die barmhartigheid en liefde wat van Jesus uitstraal en daarom vind ons by hom al die gelykenisse soos die Verlore Seun, die Afgedwaalde Skaap, die Barmhartige Samaritaan, en soveel meer.

Maar Lukas is ook aangegryp en diep getref deur die krag van die gebed. Dit was so anders as wat hy in die heidendom gesien het. Meer as die ander evangeliste verhaal hy van die gebed van die Meester en van die gebede van ander persone. Telkens laat hy sien hoe 'n erbarmende God die gebede verhoor en die bidder nooit afstoot nie. Selfs aan die kruis kry die biddende moordenaar die ondeurgrondelike ryke belofte: "*Ek verseker jou: Vandag sal jy saam met My in die paradys wees.*" (Luk. 23:43)

Die Handeling van die Apostels

Uit die aanhef tot hierdie boek is dit duidelik dat dit 'n vervolg op 'n ander boek is, want ons lees daar: "My eerste boek, Teofilus, het ek geskrywe oor alles wat Jesus gedoen en geleer het, van die begin af tot op die dag van sy hemelvaart." (Hand. 1:1, 2) Algemeen word aangeneem dat hiermee sy Evangelie bedoel word, en dat Handeling derhalwe 'n vervolg op die Evangelie is.

Waar Lukas in die eerste boek beskryf alles wat Jesus op aarde begin het om te doen — tot sy hemelvaart — daar beskryf hy nou die voortsetting van Jesus se werk en leer nadat Hy in die hemel opgeneem is. Nou, vanuit die hemel, is die werk nie net beperk tot Palestina en die Joodse volk nie, maar dit omsluit al die volke van die wêreld en omspan die eindes van die aarde.

Die opskrif "Handelinge van die Apostels" is eintlik nie 'n getroue weergawe van die boek se inhoud nie, want ons kry hier geen oorsigtelike beeld van die werk van die apostels nie; trouens die name van slegs 'n paar word genoem en wat hulle gedoen het, word ook nie volledig beskryf nie. Al het Jesus opgevaar, is Hy wesenlik nog by en onder hulle; en wat hulle doen en sê, is in werklikheid die werk van die verhoogde, verheerlikte Heiland, wat Hy deur die Heilige Gees in en deur hulle doen. Die apostels tree slegs as instrumente op in die Naam van Jesus en deur die krag van die Heilige Gees. Om net 'n paar voorbeelde te noem: As Petrus die kreupel man genees, is dit in werklikheid nie hy nie, maar Jesus Christus wat hom genees. As die apostels onbevrees vir die Joodse Raad hulle getuigenisse uitspreek, is dit die verhoogde Heiland wat hulle daartoe die krag en vrymoedigheid gee. Die wonders wat die apostels doen, is wonders van Jesus. Net so is dit Jesus wat vir Paulus op sy reise vergesel na Klein Asië, Europa, Atene, Korinte en na Rome.

As ons die Handelinge noukeurig lees, is daar iets heel besonders wat ons tref. Oral word die teenwoordigheid van die Heilige Gees gesien. Dit is die Heilige Gees wat al die werk kontroleer en lei en hulle al die nodige aanwysings gee, hulle ook waarsku en bemoedig. Lees maar net onder andere hoofstukke 4:8 en 31; 7:55; 13:2 en 4; 15:28.

Die eerste Christelike kerk

In Handelinge word die geskiedenis van die eerste Christelike kerk weergegee. Ons sien die kerk in aksie. Ten eerste lees ons van die seënryke uitbreiding van die evangelie van Jerusalem tot Rome. Dan, na die uitstorting van die Heilige Gees volg die stigting van talle ander gemeentes in Judea, Samaria en Galilea deur die geseënde arbeid van die apostel Petrus. Derdens kry ons deur die sendingwerk van Paulus, die groot heidenapostel, die triomftog van die evangelie en die uitbreiding van die Christelike kerk vanaf Antiogië tot Rome, die wêreldsentrum van die ou tyd. Daarmee het die evangelie en die kerk in beginsel die wêreld oorwin.

Maar te midde van hierdie seëtog van die evangelie is daar ook 'n donker skadukant, want oral waar Jesus deur die Heilige Gees werk, kom Satan ook met sy teëwerking in 'n poging om die voortgang van die evangelie te stuit. Ja, die stryd tussen Christus en die Satan staan wel op die agtergrond van die hele Nuwe Testament, maar in Handelinge kom dit besonder sterk na vore. Lukas, met sy skerp waarneming, teken dit vir ons in skerp kleure, maar wys ook daarop dat die verheerlikte Heiland Hom en sy werk deur niks laat keer nie. Niks, selfs nie die felste woede van die Satan kan die opmars van die evangelie stuit nie!

Jesus, wat eenmaal in vernedering in die stal van Betlehem gebore is, is die magtige Here. Jesus is oorwinnaar!

Omdat Lukas in die twee boeke een deurlopende verhaal van die optrede van Jesus, die stigting en die vooruitgang van die kerk gee, is dit amper jammer dat hulle in die Bybel nie dadelik op mekaar volg nie.

Die Handelinge van die Apostels eindig 'n bietjie stomp af. Sou Lukas miskien in gedagte gehad het om nog 'n derde deel daaraan toe te voeg, maar dat hy nie so ver gekom het om dit af te skryf nie? Is hy miskien in sy werk gehinder, gevange geneem en gedood? Of sou Lukas met hierdie onverwagte afsluiting van sy geskifte te kenne wil gee dat die voortgaande werk van Jesus geen einde het nie ... ?

Ons weet dit nie ...



Ten slotte nog net iets oor 'n meer gepaste naam vir hierdie Bybelboek. Een skrywer gee as sy mening dat die mees juiste benaming hiervoor moontlik kan wees: Die Handeling van die Verheerlikte Heer en van sy Heilige Gees deur sy Apostels.

HOOFSTUK 10

Die groot wêreldplan van God

As ons van die Evangelies oorslaan na die briewe wat daarop volg, kom ons meteens in 'n ander wêreld. Van alles waarvan die Evangelies so vol is, hoor ons nou feitlik niks meer nie. Van al die redenerings van die Heiland, van sy baie wonders en tekens word so goed as niks gerep nie. Die begrip "koninkryk van die hemel" wat in al vier die Evangelies die kerngedagte uitgemaak het en waaromheen alles saamgetrek was en wat deur al die gelykenisse geïllustreer is, tree in die briewe heeltemal op die agtergrond. Slegs 'n enkele maal word daarna verwys. Alles wat in die briewe oor Christus gesê word, het betrekking op die vier groot sentrale feite, te wete sy geboorte, dood, opstanding en hemelvaart. Christus se dood word in die briewe nie meer beskrywe as opkomende uit 'n langsam-gegroeide giftige haat van die Fariseërs en skrifgeleerdes nie, maar dit word beskrywe as komende van bo af, as 'n daad van God, waardeur Hy die wêreld met Homself versoen het. En die opstanding word ook nie meer na sy historiese omlysting beskrywe nie, maar as 'n feit van ewige betekenis vir almal wat wil glo — met ander woorde, in die Evangelies word vir ons die groot heilsfeite, nl. vleeswording, dood, opstanding en hemelvaart in die historiese verband geteken, met historiese besonderhede daarby, terwyl hierdie feite in die briewe as't ware bo die geskiedenis uitgelig en verduidelik word as daad van God van ewige en wêreldwye strekking. In die Evangelies word verhaal hoe alles gebeur het; die briewe daarenteen vertel ons dat alles gebeur het en waarom. In die Evangelies was alles nog besig om te ontwikkel; alles was nog in sy wordingsproses, en daarom kon op die ewige betekenis van al hierdie feite nog nie die volle nadruk val nie. Eers nadat alles plaasgevind het, eers toe kon die oë geopen word vir die feit dat alles gebeur het, alles wat volgens Hand. 4:28 voorspel is om te gebeur, nl. "Hulle het alles gedoen wat U vooruit beskik en besluit het." Daarom kan alle historiese feite in die briewe wegval, daarom kan die briefskrywers hulle bepaal tot die sentrale feite van God se heilsplan met die wêreld. Daarom kan ons die briewe nie lees en verstaan nie as ons nie eers die Evangelies gelees het nie.

Die 21 briewe deur verskeie persone geskryf

Die 21 briewe wat ons in die Bybel aantref, is nie deur een persoon geskryf nie. Dertien daarvan is geskrywe deur Paulus, sewe is van die hand van Jakobus, Petrus, Johannes en Judas, terwyl ons nie met sekerheid kan sê wie die skrywer van die Hebreërbrief is nie, hoewel aangeneem word dat dit vermoedelik Barnabas is.

Al hierdie briewe plaas ons voor besondere vraagstukke, moeilikhede, afwykinge en probleme waarmee die eerste gemeentes te doen gekry het. Hierdie vraagstukke lê almal op verskillende terreine. Party is gebore uit die praktyk van die geloofslawe van die jong gemeentes, en dra dus 'n meer praktiese karakter. Ander weer het ontstaan as gevolg van gedagtewisseling met die wêreld wat die gemeentes omring het, of dit het opgeduik as oorblyfsels uit die vroeëre heidense praktyke en gevoelens in die gemeentes self. Nog ander het ontstaan deur aanraking met die Jodedom in sy farisiese vorms en werkheiligheid. Dan was daar probleme wat in verband gestaan het met die gemeentelawe as sodanig, met die inrigting van die godsdiensoefeninge en met die ampte. En ten laaste was daar probleme wat logies voortgevloei het uit die evangelie self, uit die konsekwensies van die evangelie ten aansien van leer en lewe. In hierdie wêreld, met sy vraagstukke en probleme, wil die briewe ons binnelei en dan sien ons die jong Christelike kerke worstel met die veelvuldige moeilikhede wat van alle kante op hulle aandring. As ons die briewe aandagtig lees en noukeurig op al die moeilikhede let, sal ons merk dat al hierdie moeilikhede in wese nog altyd bestaan en vandag nog net so aktueel is. Dan sal ons die briewe lees as briewe wat aan onself gerig is, waarin ons die antwoord van God vind op al die probleme wat in ons eie hart oprys.

Sommige van die belangrikste sake in die briewe

Ons kan nie hier op al die besonderhede ingaan nie, maar ons wil tog 'n paar van die

belangrike sake wat in die verskillende briewe aan die orde gestel word, so effens aanroer. Dan sien ons dat die brief aan die Tessalonisense prakties van aard is, en vrae aanroer oor die geestelike lewe van die gemeente; talle vrae wat hulle middelpunt het in die groot probleem van die wederkoms van Christus, vrae wat vandag nog in die kerk van Christus in hulle volle swaarte gevoel word. Paulus lig die gordyn wat oor die toekoms van die koninkryk van God uitgesprei lê, so effens op en wys dat daardie koninkryk self sal kom. Wanneer die mensheid deur die krag van die sonde sy hoogste punt van kennis en mag bereik het, sal die Seun van die mens in sy krag en majesteit kom. In hierdie verwagting lewe die kerk en dit vereis dat sy altyd waaksaam en oplettend na die tekens van die tye moet wees, en altyd aktief en gehoorsaam aan die bevel van haar Here en Saligmaker moet wees. Dit is die noodsaaklike voorwaardes van die rustige versekerdheid van die geloof.

Wat dwaas is by God, is wyser as die mense

Die briewe aan die Korintiërs raak probleme van 'n gans ander karakter aan. In hierdie gemeente het die ou Griekse gees, wat nog altyd verlangend was na diepsinnige, welsprekende wysheid, nog steeds 'n groot rol gespeel, en 'n groot deel van die gemeente in sy bekoring gevange gehad. Daarby kom dat onderlinge naywer en die begeerte van die een om vernamer en wyser as die ander te wil wees, tweedrag en bitterheid versprei het. Daar was ook moeilikhede met betrekking tot die erediens, met betrekking tot die regte beskouing van die huwelik, en nog baie meer. Paulus se briewe aan hierdie gemeente is aangrypend. Hulle gryp die vraagstukke in hul kern aan en dring deur tot in die binneste roersele en hy laat sien hoe vreemd die evangelie aandoen in 'n wêreld waar as maatstaf geneem word die teorie wat wysgere en geleerdes oor die ontstaan en doel van alle dinge neergelê het. Dit lyk na dwaasheid, en gemeet na menslike maatstawwe is dit ook dwaasheid, maar, wat dwaas is by God, is wyser as die mense. Hierdie uiteensettings van Paulus was gerig tot die gemeente van Korinte in sy onenigheid en hoogmoed, maar hulle omspan die eeue en was al die eeue deur van volle krag en is vandag nog van krag vir die kerk. In latere hoofstukke gaan dit oor die liturgiese orde, hoe die samekoms van die gemeente ingerig moet word, en hoe die nagmaal gevier moet word.

Hy handel ook oor die opstanding van Christus, die wederopstanding van die vlees in die laaste dae, en hy toon sy lesers in magtige perspektiewe die einde waarop alles eendag sal uitloop, wanneer die uur aanbreek wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee sal word en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee sal word.

Die plek van Israel in die wêreldgeskiedenis

Die brief aan die Romeine handel oor die raaisel van die plek van Israel in die wêreldgeskiedenis. Hy laat sien dat die wet in sigself nie die saligheid inhou nie, maar dat die verlossing alleen deur Jesus Christus verkry kan word, en dit deur elkeen wat Hom in die geloof as sy enigste saligmaker aanneem. Hierop borduur hy voort en skets in verhewe taal die onpeilbare misterie hoedat Israel, wat die draer was van hierdie openbaring, ontrou geword het aan Gods Woord en toe verwerp is, sodat sy val sou dien tot die opstanding en behoudenis van ander volke, sodat God in dit alles verheerlik sou word. In enkele sketsmatige lyne sien ons met ons geestesoog voor ons oprys die groot raaisel van die wêreldgeskiedenis en God se bedoeling met alles wat gebeur.

Christus die herskepper van 'n nuwe wêreld

Heeltemal anders is die briewe aan die Efesiërs en Kolossense. Hierin word ons opeens geplaas voor die tipiese spekulatiewe gees van Klein Asië. Dit gaan oor die eerste beginsels van die wêreld, oor ydele filosofie, oor die neiging tot afsondering, oor wêreldmyding en die veragting van bepaalde soorte van spyse en drank. Kortom, ons kry hier 'n worsteling met die heidense bespiegeling oor die heelal en sy geheimenisse. Die apostels verbreek hierdie betowerende ban van die heidense denkwysen en met kragtige trekke teken hy Christus, die eersgeborene uit die dode en hoe Hy die middel van God is waardeur Hy alle dinge in hemel en op aarde weer met Hom versoen het. Hy

teken Christus as die herskepper wat 'n nuwe wêreld ten aansyn roep met 'n heerlike toekoms vir die mens wat glo.

Die vraag oor die Christelike vryheid

In die brief aan die Galasiërs voer die apostel 'n bitter stryd teen die gees van Judaïsme en wettiese vroomheid wat so gaandeweg die gemeentes binnegedring het. Hier word Paulus ook genoop om homself as 'n geroepe apostel van Jesus Christus te verdedig, omdat sy gesag ondermyn is weens die beskuldiging wat hom na die hoof geslinger is dat hy homself apostel gemaak het. Hierna volg die hoogtepunt van sy brief, nl. die vraag van die Christelike vryheid, en in verband daarmee die probleem van die besnydenis. Die Judaïstiese propagandiste het mos met nadruk verklaar dat die gelowiges uit die heidene hulle moes laat besny en nougeset al die voorskrifte van die wet van Moses en al die bykomende seremonies moes onderhou. Vir die jong gemeentes was dit lewensbelangrike probleme, want dit het gegaan oor die plek wat die Christelike kerk te midde van die heidense wêreld moes inneem.

Paulus sien dat in hierdie skynbaar eenvoudige kwessie oor die besnydenis onmeetlike groot gevare verborge lê. Hy deursien dit in al sy konsekwensies en bou derhalwe sy betoog in so 'n vorm dat dit die ganse probleem blootlê. Hy benader die vraag vanuit die een punt wat in al sy briewe altyd die hoofgedagte vorm, nl. die volbragte werk van Jesus Christus en ons gemeenskap aan Hom. Dan spreek hy daardie wonderskone, diepsinnige woorde: "Ek is saam met Christus gekruisig, en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe, Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê." (Gal. 2:20)

Vryheid is gebondenheid aan die wil van God

Verder kry ons in die brief sy diepsinnige betoog oor die Christelike vryheid, 'n perikoop van seldsame diepte en grootheid. Hoe is daar deur die eeue heen nie al oor die vryheid gedink en gepeins en geskryf nie! Hoe het die denkers nie al gepoog om 'n begrip "Vryheid" te definieer of noukeurig te bepaal of te omskrywe dat dit waarlik 'n anker kon bied in die stryd om die bestaan nie.

Vryheid beteken *nooit* om iets te doen wat mens wil doen nie. Dit mag in die diepste sin van die woord nooit iets anders beteken nie as om alleen dit te doen wat in die raadsplan van God ten opsigte van my besluit is. Vryheid is gebondenheid aan die wil van God. So 'n vryheid kan mens slegs besit as hy in Jesus Christus 'n nuwe mens geword het. Dit is dieselfde vryheid waarvan Jesus in Joh. 8:36 spreek, waar Hy sê: "Eers as die Seun julle vrymaak, sal julle werklik vry wees."

Die tempeldiens in 'n ander lig geplaas

In die brief aan die Hebreërs word ons getref deur die feit dat die onbekende skrywer (vermoedelik Barnabas), die Ou Testament en die tempeldiens vir ons in 'n ander lig plaas. Die geskiedenis van Abraham en Melgisedek, die inrigting van die tabernakel, die offerandes, alles word van agteraf, van Golgota af, beskou. Nou sien ons ook hoe die hemelvaart van Jesus al in die Ou Testament voorspel is in die ingaan van die Hoëpriester in die binneste heiligdom, elke keer as hy daartoe geroep is. Hierin is hy 'n tipe van Christus wat slegs eenmaal geoffer het en met eenmaal ingegaan het in die waaragtige heiligdom en nou voor die troon van God staan.

Die "lewende hoop" as enigste middelpunt

Jakobus teken vir ons die lewe van die eerste gemeentes in hul krag en swakheid en hy lê die grondbeginsels neer waarvolgens ons moet lewe. Petrus bind in sy briewe die stryd aan teen die gees van slapheid en insinking wat besig was om die kerk te ondermyn in 'n tyd toe die teëstand van buite af in hewigheid toegeneem het, en toe die belofte van Christus verder weg as ooit gelyk het. Teen hierdie gees van slapheid stel hy die "lewende hoop" as enigste middelpunt; die verwagting van die verlossing van Christus

stel hy vas en seker, al lyk dit nog so ver.

God is liefde

Johannes bestry in sy briewe die ketterse gedagtes wat in die gemeentes binnegesluit het en hy wys daarop dat die egte geloofsluwe tot uiting kom in die onderlinge liefde tussen die gemeentelede.

Die liefde is die geheim van die lewe van 'n Christen, dit is die antwoord op die liefde van God wat Homself vir ons gegee het. *God is lig en God is liefde en wie aan God behoort, lewe in die lig en in die liefde.* Liefde teenoor die naaste is die bewys dat ons kinders van God is en dat die liefde van God in ons uitgestort is.

As ons die briewe so een vir een deurgaan, bemerk ons dat daar telkens ander vraagstukke opdoem, dat daar altyd teen nuwe dwalinge te velde getrek word, en dat die apostels altyd die lig van die waarheid van die evangelie van Jesus Christus oor al hierdie vraagstukke laat skyn, en hoe alles anders word as dit deur hierdie lig beskyn word.

Die briewe dien om die lesers te oortuig dat die hele Skrif deur God ingegee is en nuttig is tot lering, tot weerlegging, tot teregwyding, tot onderwysing in die geregtigheid.

Die briewe gee ons in enkele flitse 'n nuwe kyk op die wêreld, 'n kyk op die wêreld gesien in die lig van die ewigheid!



Ons het nou ons Bybel deurgeblaai en ons het probeer om 'n insig te kry in die besondere bedoeling van elke groep van boeke in die geheel. Ons het gesien hoe God in alles wat daarin verhaal is, in duidelike woorde tot ons spreek; ons het gesien hoe God die Onveranderlike is, en saam met die onbekende skrywer van die Hebreërboek wil ons dit uitroep: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." (Hebr. 13:8)

Literatuur

A Guide Book to the Bible.....	Alice Parmelee
Agtergrond van die Nuwe Testament	Dr. E. A. Venter
Bijbelsch Handboek. Oude Testament en Nieuwe Testament.....	Onder redaksie van Prof. Dr. F. W. Grosheide en andere
Twee dele	
De Bijbel. Het Boek der Ontmoetingen	Dr. j. H. Bavinck
De Karakteristiek van de Vier Evangelien	Dr. A van der Hoeven
Die Bybel en die Christus van die Bybel Prof.	Dr. c. J. H. de Wet
Die Bybel met Verklarende Aantekeninge. Drie dele	—
Die Bybel. Nuwe Vertaling	—
Die Brieweskate van Paulus	Prof. Jac j. Muller
Die Brief aan die Romeine	Dr. W. D. Jonker
Die Eerste Brief aan die Korintiërs	Dr. E. P. Groenewald
Die Tweede Brief aan die Korintiërs	Dr. E. P. Groenewald
Die Evangelie van Markus	Dr. E. P. Groenewald
Die Evangelie van Lukas	Dr. E. P. Groenewald
Enjoying the New Testament	Margaret T. Monro
Geschiedenis der Godsopenbaring. Twee dele	Dr. F. L. Bakker en Dr. J. H. Bavinck
Ground Plan of the Bible	Otto Weber
Ons Kerklied deur die Eeue	Ds. p. J. Loots
Persone Rondom Paulus	Dr. L. Floor
Perspektief in het Nieuwe Testament	Ds. H. A. Wiersinga
The Gospel of Matthew. Volume One	William Barclay
The Gospel of Matthew. Volume Two	William Barclay
Uw Huis- en Tempelzangen	H. Veldkamp
Verskillende artikels in: Christelike Encyclopaedie voor het.....	Onder redaksie van Prof. Dr. F. W. Grosheide en andere
Nederlandsche Volk. Sese dele	
Waarvandaan Ons Bybel	Ds. W. J. Naude